

1) DIE REFORMEERDE KERKE REG.

deur

Prof. Dr. J. D. du Toit.I. DIE VERSKILLENDE STELSELS.a) DIE PAPALE STELSEL. Rome ken alleen die sigbare Kerk.

Kentekens van die Kerk is:

1. Die belydenis van die ware geloof.
2. Die gemeenskap van die sakramente.
3. Onderwerping aan die pous.

Die regeerder van die kerk is die clerus, wat eintlik die kerk konstitueer. Ubi papa, ubi ecclesia. In die clerus staan die Pous bo-aan. Sedert die onfeilbaarheidsverklaring van die pous, in 1870 is daar geen grond meer vir die mening, dat die kerklike mag by die Rooms by 'n algemene Konsilie rus. Die Pous het die primati jurisdictionis et honoris. Onder die jurisdiksie word verstaan: wetgewing, toewys, saligspreking, ens. en onder ere: adorasie, vastkus. Die kerk is dus by Rome geen vergadering van die gelowiges nie. Ook sonder hulle medewerking of teenwoordigheid, is die kerk aanwesig. Die naam "clerus" wys aan dat die draers in besit is van charismata wat aan die leek ontse is, en dat hy nie onderworpe is aan die wêreldlike jurisdiksie.

b) DIE TERRITORIALE OF KONSISTORIALE STELSEL. Hierdie stelsel gaan uit van die beginsel, *cuius regio, eius religio*. Die Lutherse Reformasie het aan die wêreldlike owerheid die reg van seggingskap verleen in kerklike sake, omdat sy die *praeceptum membrum ecclesiae* is, en as sodanig beide tafels van die wet moet beskerm. 'n Vors het dus kragtens die feit dat hy vors is, gesag oor die kerk in sy land. "Konsistoriaal" is hierdie stelsel genoem, omdat onder die landvors konsistories regeer het, bestaande uit teoloe en reggeleerdes. Hierdie konsistories was dus staatsgeregtelike liggame. Verder was daar superintendente, onder wie die predikante gestaan het. Die gemeente was dus onmondig. Hier is dus nie die staat aan die Kerk onderworpe nie, soos by Rome, maar omgekeer. In die kerk was daar dus 'n regeerstand, (owerheid), 'n leerstand (*ecclesia docens*), en 'n leke stand (*ecclesia audiens*). Verdediger van hierdie stelsel is Thomasius. Verwant hieraan is die Erastiaanse stelsel, wat genoem is na Erastus. Hierdie stelsel is ook gevolg deur die Remonstrante. Erastus, hoogleeraar in die medisyne te Heidelberg, het die selftandigheid van die kerk bestry, en het geëis haar gehele onderworpenheid aan die staat. In Engeland het hy veral aanhangers gekry. Ook die Hervormde genootskap in Nederland, hoewel kollegialisties, is ontstaan na die beginsels vandie Erastianisme. Die reglement van 1816 is deur die koring uitgevaardig.

c) DIE KOLLEGIALISTIELE STELSEL. Hierdie stelsel word in die natuur reg. Die staat ewemin as die kerk is van goddelike oorsprong. Die kerk ontstaan deur dat die verstandige ooms sig verenig met die doel om 'n kerk te vorm. Hierdie kerk is dan 'n kollegium in die staat. deur vordrag gebore. Vgl. die *collegia licita* van die Romeine. Die kerk val dan ook onder die regbepalings, wat vir allerlei verenigings geld. Voorstanders van hierdie stelsel is: Pfaff (1780), Mosheim en Ehlersmacher. Ook die Hervormde Kerkgenootskap in Nederland, sowel as die Ned. Gereform. Kerk in Suid Afrika, is volgens hierdie beginsels ingerig. (sien Kerkgeskiedenis van S.A.)

Hoofsaak in hierdie stelsel is, dat die gesag van Christus ontken word, en in plek daarvan gestel word die vrye wil van die mens.

Dit is dus die beginsel van Volksooreeniniteit in die kerk.

Hierdie kerk huldig dus die revolutionere beginsel. Diemeerderheid van die lidmate beslis. Hierdie stelsel vergryp sig dus aan die karakter van die kerk, gekog deur die bloed van Christus, en maak daarvan 'n vrye vereniging, waarby die mens sig kan voeg, of waarvan hy sig kan losmaak, na verkiesing.

Ook is hier nie sprake van 'n amp van alle gelowiges nie, . Hierdie stelsel, is die resoluties, en kan hom seer verskillend openbaar. Dit kan Presbiteriaal wees, d.i. die gesag opdra aan presbiteres, of sinodaal., en die gesag oordra aan die sinode, maar die grondslag bly: Die gesag rus in die vrye wil van die meerderheid.

d) DIE KONGREGASIONALISTIEKE OF INDEPENDENTE STELSEL.

Hierdie stelsel het sy uitgangspunt in die kongregasie, die groep van gelowiges, wat as kring absoluut onafhanklik is. Soos die Gereform. gaan hulle uit van die plaaslike kerk, maar op geheel ander manier.:-

1. deurdat hier op een plek ve skillende kongregasies kan wees, sonder dat die eenheid van die liggaam van Christus gebroke kan wees,.

2. deurdat alle kerkverband gemis word.

3. deurdat elke kongregasie op die hand beslis in sake kultus, konfessie en tug.

Die sinode word ook volgens hierdie stelsel genoem "konferensies", en die belydenis skrifte, deklarasies. Hier heers dus ook die volksoewereiniteit, d.i. die kerkraad voer alleen die wil van die gemeente uit, wat oor alles by stemming beslis. Die verskil met die kollogiale stelsel is alleen dat die reg van die gemeente nie rus op die natuurreg, maar op goddelik gesag. Elke ouderling is hier ook leeraar. Teentoordig is daar maar net onderlinge en diakone. Die gemeente bestaan uit "members", d.i. die bekeerdes, wat deur stemming toegelate is, en die "society", d.i. diene wat die diens bywoon. Hierdie stelsel vind mens ook by die Baptiste, Adventiste, en Kwakers.

e) DIE PRESBITERIALE STELSEL OF KONGREGASIE. Die Gereformeerdes verwerp sowel die wereldkerk van die Roomse, as die landkerk van die Lutherse. Die kerk is vir die Gereform. geen heersinstitusie nie, maar die plaaslike en sigbare openbaring van die onsigbare liggaam van Christus in die vergadering van die gelowiges. Die gelowiges moet eers daar wees, voor daar 'n kerk kan wees. Bowendien behou hulle hulle posisie in die amp, van alle gelowiges. Vgl. Rutgers :- "De rechten en plichten der gemeentelieden als sozellig." en du Toit :- "De 18de eeuwe Professie, en haar betekenis voor onse Tyd".

Die gemeente word bestuur deur die kerkraad - die enigste bestuurende mag in die kerk. Hierdie gemeente soek verband met ander gemeentes, en so ontstaan die meerdere vergaderings, wat geringer is as die kerkraad. Art 29 D.K.O. Hierdie kerkverband moet gesoek word:-

1) om die eenheid van die liggaam van Christus soveel moontlik na buite te openbaar.

2) om mekaar te bewaar en te bevestig in die belydenis en in die praktyk van geloof en Godsaligheid.

'n Verder kenmerk van hierdie stelsel is dat alreeds ampte moet ingestel word. Dit is die redmiddel teen alle klerikalisme. Die absolute ootoriteit van die kerkregiment is hier die Woord van God.

2. DIE KERKREG.

"Reg" is die som van verpligtinge en bevoegdhede van alkeen ten amsien van verhoudinge waarin ook ander betrokke is.

"Kerkreg" is dus die som van verpligtinge en bevoegdhede van die gelowige as gelowige in die Kerk.

"Kerk" word hier verstaan van die sigbare, geïnstitueerde liggaam van Christus. "Sigbaar" staan teenoor "onsigbaar", en "geïnstitueer" teenoor "die kerk as organisme". d.i. dat sy wel sigbaar, maar nie geïnstitueer is nie. Die Kuyper: Geworteld en Gegrond.

Die kerkreg gaan dus oor die sigbare kerk, in sover dit geïnstitueer is.

Teen die kerkreg, is die Mistieke kerk alle rigtinge wat in die dogmatiek min of meer Doppers is. Hier ontbreek goeie organisasie, en vind gedurige oplossings plaas. Die beware van die Mistieke teen Kerkreg is:

- a. dat die reg alleen formel is, en dat op kerklik gebied alleen die wese moet geld. Hierteen se ons, dat die wese en wese nie met mekaar astry en dat vorme nie willekeurig is nie.
- b. dat die reg 'n dwingende karakter het, en dat daar in die kerk geen dwingende mag mag wees nie. Hierteen se ons, dat die natuur van die reg geen dwang meebring nie. Dit kom deur die sonde. Die kerk vermaan alegs, en van die hardnekkige verklaarsy, dat hy nie meer tot die kerk behoort nie. Immers wie tot die kerk behoort, onderwerp hy gewillig aan die regorde wat deur God ingestel is.
- c. dat die reg aards, natuurlik, tydelik is en dat die kerk geestelik en hemels is. Hierteen se ons:— op hierdie manier word die reg menselike ongevad, asof die kerk niks met die natuurlike lewe te doen het nie. Maar die reg is Goddelik, en die kerk is die vernuwung van die natuurlike lewe.

5. WATOM DIE GEREFORMEERDE KERKREG?

Die Gereformeerde kerk is die kerk van die apostels, maar na die deformasie, weer in die 16de eeu gereformeer en sig nog telkens reformerend, as daar onsuiverheid is. Die Gereform. kerkreg is dus nie iets wat in al sy dele ontstaan nie, maar in sy grondslag en uitgangspunt is dit absoluut. Daar is wel midelmatige dinge, waarvoor die H.B. hom nie uitspraak nie, en wat aan die omstandighede moet oorgelaat word. Die beginsels van die kerkreg, moet egter oorsake dieselfde wees, al is daar verskil in toepassing. Die kerkreg is dus 'n onderdeel van die Teologiese wetenskap. Volgens Rome behoort dit onder die kanonieke reg, d.i. die versameling van al e kerklike bepalinge wat ooit met die betrekking tot die verhouding van mense kerklik gemaak is. Hieronder val, b.v. alle Midleeuse huweliksbeplinge. Onder daardie kanonieke reg behoort ook die verhouding op kerklik terrein (ons kerkreg in enger sin). Naas die kanonieke reg het die siviele reg gestaan. Ook die voorstanders van die territoriale stelsel beweer, dat die landvoors ook die wette van die kerk moet maak, sodat ook hier die kerkreg onder regsgeleerdheid val; Die Gereform. Hervorming het die twee soe. reiniteite in twee kringe geleer. Die owerheid reël die staatkundige sake, en die kerk bly op haar terrein vry., alleen onderworpe aan haar hoof, Christus. Hier behoort die kerkreg dus by die godgeleerdheid.

4. DIE BELANG VAN DIE OEFENING VAN DIE KERKREG.

Hierdie belang is uit tweelei motief ontstaan:

- a) Daar word beweer dat in die kerk die liefde die hoogste is, en dat die reg daar niks wees te maak het nie. Die H.B. egter leer ons, dat die liefde en die reg mekaar nie uitsluit nie, maar aanval. Miga 6:7,8.
- b) Mense is teen die kerkreg, uit geringeketting van die kerk as sodanig. Die Metodistiese heg alleen waarde aan die geestelike lewe, en werk gewoonlik buite die kerk om. Dog die kerklike lewe is sin van God en daartoe is die kerkreg nodig. Die doel van die kerkreg moet wees, om die ordinansies van God op te spoor vir die aanwoning van die broeders. Ook hier gaan die Gereform. Teologiese te werk, d.w.s. hy vra na die ordinansie van God. Die wese van die kerk sou daar wees, sonder of met alegs weirige sulke reellings.

die wawese van die kerk is ogter daaronder omikkes ondinkbaar.

Die geskiedenis toon dit aan. Die kerk as sodanig het goed gebly, toe nie alleen die leeraars, maar ook die ouderlinge, diakens en gemeenteliede die beginsels van kerkreg beoefen het. Dit is meteens die middel teen die klerikalistiese oorheersing. Natuurlik moet hierdie beoefening gepaard gaan met die geloof en kennis.

4. 5. DIE BRONNE VAN DIE REGERING VAN DIE KERKREG.

Hiemee hang saam die vraag na die bronne van die reg in die algemeen. Komende beskou as bron van die reg, eenvoudig die staat. Daar is die staat ook die bron van die kerkreg, en is kerkreg 'n deel van die politieke reg. Op hierdie standpunt het die reg sy oorsprong in die mens, is relatief en veranderlik. Die Gereform. ogter se, dat die soewereiniteit van die owerheid 'n af geleide is. Hier owerheid moet dus die ordinansies van God naspesur is. Sy Woord en in Sy Werke, wat die staat betref. Teninder kan 'n mens op hierdie standpunt die staat as bron van die kerkreg beskou. Die bron van alle reg is in God self, d.i. in Sy openbaring. Vir die Roomse is, in naam, die H.S. 'n bron, maar in werklikheid die corpus juris canonici.

In ander Protestantse kringe word die H.S. gesien nie bron, maar reel van die kerkreg, d.i. alge enkele reels word vas gestel. Ook dan is die going van die H.S. weg. Saie Protestante meen dan ook dat die H.S. vir die kerk as institut niks bindende bevat nie. Die Gereform. beweer dat die Woord van God ook vir die institutere lewe van die kerk, beginsels neergele het. Hoofbron vir die kennis van die kerkreg is dus die Woord van God. Die afgeleide bronne, (afgelei, omdat die toetsing aan die H.D. wat die premiese sovel as die redenering aanbetref, voorskoue bly.) is:-

- a. die kerklike belydenisskrifte;
- b. die kerklike canones en reellings;
- c. die kerklike beslissings na aanleiding van opkomende kwessies.
- d. die geskrifte van beoefenaars van die kerkreg in gere fm. rigting. (Voetius).
- e. die ordinansies van God as die skepping.

'n kerkordening is nie 'n oorsig van die vernaamste capite van die kerkreg, maar is in die eerste plek vir die praktyk. Aan die woord "kerkordening" is 'n beginsel ten grondslag. Dit word altyd in die Gereform. kerke gebruik. (in Latyn; leges canonicae). Van kerkwette is daar nooit in die 16de en 17de eeue gespraak nie. Wel in die 18de. "kerklike wette" is alleen die bepalinge wat die Here self gemaak het in Sy Woord. In die Kerk het alleen Kristus wetgewende mag. Die opsigters is Sy dienaars, en het geen owerheids gesag. Daarom kan die kerklike vergadering nooit wette maak in die eienlike zin van die Woord. Die uitdrukking "kerklike wette" is ten eerste af te keur. Die woord, "reglement" staan in die spraakgebruik ook al met "wet" gelyk. Die woord "statute" sou wel kan, maar word nou meestal vir verenigings gebruik.

6. DIE DOEL VAN DIE KERKORDENING.

Die doel van die kerkordening is:- die bewaring van die goeie orde. Die kerkordening word nie gehoor saam, omdat sy wet is, maar omdat sy vir die goeie orde noodsaaklik is. Die K.O. is daar om 'n versameling van reellings, wat nie op 'n bepaalde geval of op 'n bepaalde tyd sien nie. Die K.O. is dus verskillend van besluite of resolusies, omdat hierdie laaste "hic et nunc" is. 'n K.O. bedoel om reeling te wees vir al, die kerke wat daartoe saam rek.

7. DIE GEWOONTEREK.

Die gewoonterek hoort nie tot die K.O. nie. Tog is daar 'n op kerklik gebied 'n gewoonterek.

- a. wat kan ingaan teen die gestelde K.O. (contem legem.)
- b) wat omgaan buite die K.O. (praete legem).
- c) wat die K.O. kan ontwikkel of nader toelig. (secundum legem).

Voorbeeld van a. . Die lesing van die slot van die Anormal formulier van die preëkstool af, hoewel die K.O. die lesing by die tafel voorskrywe.

Voorbeeld van bi- of daar een of drie maal bespronkel word by die Doop.

Voorbeeld van ci- Die gepetoor skamen wat deur die K.O. nie staan nie, maar tog daarmee nie in stryd is nie.

Eierdie gewoonterek moet dus nader gekwalifiseer word:- dit mag nie wees teen die wete van die kerk nie. Iets moet ook nie maar 'n enkel maal geskied wees nie, maar geruime tyd geduur het. Ook moet dit nie by vergissing ontstaan het nie.

8. NOODSAKKELIKHEID VAN 'N KERKORDEN.

'n Kerk kan ook wel bestaan sonder 'n geskrewe K.O. Dan is daar ongeskrewe bopalinge wat opgevolg word. Vir die welsyn van die kerk is daar egter 'n K.O. in geskrewe vorm nodig, veral wanneer sy saaklike met ander kerke in een kerkverband, en wel ter voorkoming van heersing en willekeur. nodig is egter om die K.O. so klein moontlik te maak. Die Reformasie het dan ook gewaarsku teen 'n corpus juris, wat alles moet reglementeer. Missand kan daarin tuisraak nie. Deur 'n klein K.O. word baie oorgelaat aan die plaaslike kerkraad en aan die klassis. Konsjensie gevalle moet sofs so veel moontlik vernag word. Die lidmate moet die saak self ondersoek, en verder by die dienaars voorliggend vra. Anders word die konsjensies gebind deur reglemente, en word nêr Rooms. Buite die K.O. is ook gesluit (waaby 'n kerklike vergadering te veel gebind word,) alle bepalinge van alles en nog wat, reglemente. Alleen wat strik nodig is, moet dus opgeneem word. Bowendien is sulke ordinansies leenwette, d.i. bepalinge wat prescriptoir is.

9. VAN DIE MOET DIE K.O. EREKEND UITGAAN.

- (a). Die Episkopale stelsel sovan die episkopi. In die Reformasie in Duitsland, is die landvors daar "summus episcopus" gemaak, aan wie eintlik die outoriteit toekom deur die biskoppe vroeër aangematig. Hy het egter weer sy mag uitgeoefen deur die lehrstand, d.i. die predikante, sodat dus die predikante die episcopi geword het.
- (b). Die Papale stelsel. konsentreeer die biskoppe in die Pous. Die Pous is dus die wetgewer.
- (c). Die Erastiaanse stelsel, in Duitsland deur Erastus verdedig, en in die Nederlande deur Hugo de Groot en die Arminiane, gee aan die owerheid die imperium. 'n Beroep is hiervoor gemaak op die Ou Testament. Hierteen moet opgemerk word, dat daar onder die OT. 'n teokrasie was. Die ander argument, n.l. dat daar in een land maar net een imperium kan wees, word weerle deur ons opvatting van soewereiniteit in die kring.

- (d). Die Kollegiale stelsel, wat bealies na die wil van die meerderheid, laat dit ook uitgaan van die wil van die meerderheid.
- (e). Die Independentistiese stelsel, laat dit ook uitgaan van die wil van die meerderheid, met hierdie verskil dat hier gespreek word, van die goddelike gesag van die gemeente.
- (f). Die Presbiteriaanse stelsel, . Hier gaan die wette uit van Christus. Die reëlende mag is in beginsel toevertrou aan die gemeente, maar wat die uitvoering betref, aan die opsieners. Die K.O. moet dus gemaak word deur die kerkrade, saamvergader in klassis en sinode, maar onder kritiek van die gemeente.

10. DIE INHOUD VAN DIE K.O.

Opgeneem moet word alhier kerklike sake. Sedert Konstantin was die band tussen kerk en staat so innig, dat hierdie real baie oortre is. Die vraag is;— hoeveel moet vasgestel, en hoeveel aan die samele oorgelaat word? Sommige sê:— In 'n K.O. mag alleen staan, wat die Woord van God nanges omtrent kerklike sake. Maar daar is so baie sake, waartrent die Woord van God die reëling vrylaat, wat ook nodig is, sedert die kerk wêreldkerk geword het. Die K.O. moet die sake reël in ooreenstemming met die beginsels van Gods Woord, (uit die Woord gededuseer)., b.v. in die Woord staan nie dat die grense tus en gemeentes deur meerdere vergaderings moet bepaal word nie. Wel staan daar dat deur opsieners moet wees, waaruit verder volg, dat hulle opsieners moet wees oor 'n gediens. Daar moet dus grense wees. Die aanwysing daarvan moet deur die pastoor vir die kerk gekied. Maar die een kerk mag nie oor die ander keers nie. Daarom moet hulle saamkom om die reëlinge te maak.

11. DIE BINDENDE KRAAG VAN DIE K.O.

Ons onderskei tussen die bindende krag van die konvensie, en die bindende krag op kerklik en politiek gebied. 'n K.O. het vir die konvensie geen bindende krag nie. Dit het alleen die Woord van God. Ook nie op politiek gebied nie. Die gesag van die K.O. gaan nie verder dan die grense van die kerk. Die K.O. het dus alleen op kerklik gebied bindende krag., en aan haar is gehoorsamheid verskuldig, nie quia nie, soos in die geval met die drie Forme suliers van Enigheid nie, maar alleen quatenus, sy ooreenstemming met die Woord.

Dit is 'n Cer-form. grondbeginsel, dat volgens die H.S. die plaaslike kerk 'n volledige openbaring is van die liggaam van Christus. Die Een kerk mag die ander nie bind nie. Die besluite van die kerk, geld alleen vir daardie kerk, en die meerdere vergaderings, alleen vir die kerke wat in daardie vergaderings by mekaar kom. Wel kan soms die besluit van 'n kleiner kring, 'n groter bind, b.v. die gemeente beroep 'n prefikant. By die beroeping word dit onnodig, om hom by 'n nuwe beroeping weer te eksamineer, en die hande op te lê. Maar hierdie binding gekied alleen uit krag van die kerkverband. Die kerklike ordinasies het dus nie die krag van wette nie. As die goeie orde dit nie, kan daar ook van die K.O. afgewyk word. Verder moet daar in 'n K.O. onderneem word, tussen die verskillende soorte van bepalinge. Sommige, b.v. is gemaak by wyse van konsessie, soos die kristelike feesdae, wat toegelaat is om die owerheid en die volk. So'n bepaling het dan 'n ander krag, dan b.v. 'n bepaling oor die tug.

Sommige bepalinge, weer is provisioneel, b.v. die vir die kerke onder die kruis. Voorts moet daarop gelet word, dat bepalinge van meerdere vergaderings en van latere datum, gaan voor die van mindere vergaderings en vroeëre dagtekening. Tog is die omgekeerde tog volstrek nie waar nie. Vgl. Biesterveld, Kuyper's Kerkelyk Handboekje.

13. DIE OORSPRONG EN ONTSTAAN VAN DIE K.O.

Die oudste Nederlandse K.O. is die "Forma ac Ratio" van A Lasco. Ook die sinodes van die Duitse Nederlande het bepalinge gemaak, in aansluiting aan die Franse K.O. 1559 (sinode van Farys). Die eerste stappe om te kom tot 'n generale K.O. vind ons by die konvent van Wesel 1568. Die samekoms word "Konvent" genoem, omdat die lede daarvan geen afgevaardigdes van kerke was nie. Die besluite dra dus 'n voorlopige karakter, en dra geen kerklike gesag. Die eerste eigenlike sinode is die van Emden 1571 (Oos Friesland), waar die grondslag van die kerkverband gele is. Dan volg die sinode van Dordrecht 1574, 1578; van Middelburg 1581, 's Gravenhage, 1588; en Dordt 1618-1619. Hierdie Sinodes word nasionaal of generaal genoem. Dit geld ook van Dordt 1574, hoewel provinciaal genoem, want die gesag van hierdie sinode was algemeen by die kerke, wat weers die Spaanse juk nog nie saamvergader nie. Elkeen van hierdie sinodes het egter nog nie 'n nuwe K.O. ontwerp nie. Die besluite van elke voorgaande sinode is telkens geapprobeer, en opnuut geredigeer. Die oudste sinodes spreek van "Acta". Eers die sinode van Dordt 1588 het aan die verskillende besluite die vorm van 'n K.O. gegee. Dit is gedoen om die approbasie van die owerheid te verkry, en om aan die K.O. die krag van landswet te skenk. Die verandering is gemaak deels na aanleiding van graverina, deels as konvensies aan die owerheid, en om die nodige approbasie te verkry. Vir byvoegsels by die K.O. vgl. Biesterveld en Kuypert: Kerklyk Handboekje.

13 DIE OPSKRIF.

Die opskrif lui: Kerkeordening van die Nederlandse Gereformeerde Kerken., van albei tale, gestel in die nasionaal sinode van 's Gravenhage, 1588. Hier vind ons vir die eerste keer die opskrif kompleet; in 1581 reeds die naam "kerkordening", en in 1578 reeds die vorm. In 1619 het die Dordtse sinode die Haagse redaksie en die opskrif oorgeneem, maar by die aanbidding aan die hoe owerheid enige veranderinge gemaak. Die naam "kerkordening" is dus deur die sinode geaksepteer. Kerkeordeningen gestel in den Nationalen sinode der Gereformeerde Kerken

Quaestio: Wat beteken "Kerke in die samestelling" "Kerkordening"? Grammaties kan dit gerit. enkelvoud wees of meervoud. Daar is gesê dat dit 'n meervoudsvorm is, om aan te dui, dat die kerke geer genootskap, vorm. Ewewel is "kerke" in die opskrif Genitief sing. soos blyk uit die outentieke vertaling uit die Frans. "l'ecclésié". Ook blyk dit uit die half offisiële vertaling in die Latyn van 1581, waar staan "ordo ecclesiæ". Die woord "kerke", het dus die betekenis van 'n adjektief, m.a.w. 'n orde wat geldig is op kerklik gebied. Dit is dus geen staatsordening nie. Dat Dordrecht uitgegaan het van die plaaslike kerk, blyk verder uit die titel. Indien daar gestaan het, sinode van die Gereform. Kerk, dan was dit nie 'n vergadering van di kerke nie, maar van 'n bestuurs kollege.

Die woord "geselt" moet nie so verstaan word, asof die 86 artikels daar vir die eerste keer opgestel, en gearrester is nie. Dit beteken dat die laaste redaksie toe plaasgevind het.

"Nasionaal" beteken nie, 'n sinode van kerke uit dieselfde land nie, of ook van 'n landskerk. Die sinodes van die 16de eeu was saamgestel uit afgevaardigdes van die Nederlandse kerke in Engeland en Duitsland. Die woord beteken dus, "van dieselfde Nederlandse nasie", waar dit ook mag leef. Selfs het die taal nie gegeld nie, want daar was ook afgevaardigdes van die Waalse kerke. "Nasionaal" staan hier teenoor "provinciaal", d.i. behorende tot dieselfde provinsie. Naas die naam "provinciaal" by sinodes, was ook gebruiklik die naam "partikulier", wanneer die sinode nie 'n provinsie omtrent het, soos die provinsie Holland, wat eers drie, later twee partikuliere sinodes had. By die ander provinsieval "partikulier" en "provinciaal" s.a.m. Die vergadering van alle partikuliere sinodes is dus die sinode van die hele nasie, ook generaal of nasionaal genoem. Generaal, beteken dus nie, 'n sinode van alle Gereform. kerke van die hele wereld nie. Dit sou 'n oekommeriese sinode wees.

ARTIKEL 1:) :- OM GOEIE ORDE IN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS TE ON-
 HOU, IS DAAROM NODIG:- DIE DIENSTE; LAMTKOMTE;
 OPSIG OOR DIE LEER; SAKRAMENTE EN SEREMONIE; EN
 DIE KRISTELIKE STRAF; WAARVAN HIERNA ONDERLIK SAL
 GEAANDEL WORD.

In die eerste redaksie was die volgorde nie die-
 selde as hier nie. Dit vloei voort uit die wyse van ontstaan van die
 K.O. Die materie het egter altyd ongeveer dieselfde gehly. Op die
 nasionale sinode van Dordt, 1576, is besluit om daardie artikels
 wat nie in die K.O. tuis behoort nie, daaruit te lig, en 'n logiese
 volgorde aan te bring. Vroser was daar geen opskrifte, maar kant-
 tekeninge in die notule. Die K.O. van 1578 het twee capita meer,
 n.l. oor die huwelik, en oor die skole. Die hoofstuk oor die skole
 is egter later ingedeel by die doktors en die van die huwelik by
 die seremonieë, nadat die owerheid hulle huweliksbepalings gemaak
 het. Die bekorting het plaasgevind te Middelberg, 1581 en 1583,
 en in 1819 is die K.O. nie veel uitgebrei nie, omdat 'n K.O. nie
 alle beginsel van kerkreg en kubernitiesk hêf te bevat nie., maar
 alleen wat nodig is vir die bandhawing van goeie orde.

HOOFSTUK I.

VAN DIE DIENSTE.

Die eerste hoofstuk (art 2 - 28) handel oor die dien-
 ste. "Dienste" beteken hier dieselfde as teenwoordig "ampte".
 "Amp" het in die 16de eeu beteken, die werksaamheid aan die he-
 paalde werkkring verbonde. b.v. In art 35 staan, "amp van die praes-
 ses". Dit is geens nuwe amp in die kerk nie, maar sy werksaamheid
 gedurende die vergadering. Die woord "amp" is later omgeloop in
 betekenis, in die sin van "werkkring", en wel so'n werkkring wat
 'n openbare karakter dra, o.v. regter magistratuur, e.s. Die Latyn
 het vir die openbare werkkring "munus" en vir die werk "officium".
 Ook in die arts 25, 27, en 28, beteken die woord amp soveel as werk-
 saamheid. Teenwoordig gebruik ons die woord "amp" en dit kan wel, as
 mens maar nie die sin daaraan heg, wat dit op burgerlik gebied het
 nie, waar die ampdraer 'n offisiële karakter het, en autoriteit besit.
 Op kerklik gebied val die nadruk nie op gesag nie, maar op die diens
 in die diens van die Koning Christus. Die woord "amp" sou kan lei
 tot klerikalisme. Daarom gebruik die K.O. die woord "diens". Die
 regte terminologie is: die woord, sakramente, tug en barmhartig-
 heid bedien. Vgl. locus de ecclesia, waar die woorde vir diens voor-
 kom. Ook in daardie woorde staan die begrip "dien" op die voorgrond.
 Die Roomse kerk het die priesters allereers as dienaars van die Pous.
 die Stedehouers van Christus. In die territoriale stelsel is hulle
 almal eers dienaars van die burgerlike owerheid. In die Kollegiale
 stelsel is hulle dienaars van die meerderheid, feitlik hoë bestuur-
 ders; hoogerwaardes here, na die rang wat hulle aangewys word deur
 die meerderheid. In die Independentistiese stelsel is hulle die-
 naars van die geseente, wat hulle in hulle ampte stel. By die
 Gereform. is hulle dienaars van Jesus Christus. Hoeveel en welke
 ampte daar moet wees, moet die Woord van God aangewys. Hier moet onder-
 skeid word tussen Ou- en Nuwe Testamentiese bediening en ook tussen
 buitengewone ampte of dienste.

ARTIKEL 2: DIE DIENST IS VIENDERLEI:- VAN DIE DIENAARS VAN DIE
 WOORD, VAN DIE DOKTORE, VAN DIE OUDERLIEKE EN VAN
 DIE DIAKONE.

Die K.O. noem vierderlei dienste. Die konfessie roep
 alse drie. Dit geskied, omdat in die konfessie alse sprake is van
 kerkregering, waarvoor alleen drie dienste nodig is. Die amp van die
 doktors is verbonde gesag met die van die bedienaars van die woord.
 Vir doktor, sies art 18.

Die noodsaaklikheid van die dienste word betwis

Die noodsaaklikheid van die dienste word bet in deur Donatiste, Anabaptiste, Apostoliese broeders en dergelike geeste. Hulle beswaar rus gew onlik op die misbruik wat soms vir die ampte gemaak word. Hulle twee hoofgronde is :-

- (a) Die Here Self is die Herder en Leeraar van Sy kerk.

Dit word ook deur ons besaam, maar daarna principa-
lis non excludit causam instrumentalium. Die H.S. leer dat die Here
mense as sy middelle gebruik.

- (b) alle gelowiges moet mekaar weldoer, leer en.

Ook dit word deur ons erken, dog dit sluit nie uit
dat daar persone is wat officieel en operlik optree. Ook op bur-
gerlik gebied moet almal regdoen. Maar daarom is almal nog nie reg-
ters nie. Daar moet altyd onderskei word tussen die offisiële en
non-offisiële wetsaamheid t.o.v. die leer, tug en barmhartigheid.
Die gronde vir die Gereform. vir die noodsaaklikheid van die ampte
is vierderlei:-

- (a) Die instelling van die Here. Joh. 20; 21. Gelyker-
wys My Vader My gesonde het, also send Ek julle.
Matt. 28; 19.; I Kor. 1; 5.; I Kor. 12; 28. Efese
4; 10.; Rom. 10; 15. ; Matt. 10; 40; Hebr. 1; 17;
I Thess 5; 11, 12.
- (b) God beveel die gemeente om die bediening te erken.
Matt. 10; 40; Hebr. 13; 17. ; I Thess. 5; 11, 12.
- (c) Die apostoliese praktyk wat oorale die hierste in-
gestel het. Hand. 14; 23.; Hand. 8; 5; ens. Titus. 1; 6.
- (d) Sonder ordelike bediening loop die diens van die
Here in die war. Dan word alles aan die subjek-
tiewe opvatting van dies lede oorgelaat.

In die begin was al vier ampten die apostolaat
inbegrepe. In art. 2. word geen buitengewone dienste genoem nie.

- (a) Geen Apostels; Die Iyvingiane beskou die Aposto-
laat as 'n gewone amp, en wyt die bederf in die
kerk aan die verwaarloosing van die amp. By Rome
noem die Pous sig wel die opvolger van Petrus,
maar dit is nog geen kontinuasie van die aposto-
laat nie. Ons beweer dat die Here Jesus alleen die
apostels kan aanstel, en dat hulle nodig was vir
die grondlegging van die kerk, dat hulle daarom g
geen opvolgers had, en ook geen opvolgers aangestel
het nie
Vgl. Locus de S.S. en Locus de Ecclesia.

- (b) Geen Evangeliste. In ons tyd word hierdie woord
gebruik vir mense wat die Evangelie verkondig son-
der dat hulle georden is. Hulle staan dan onder
die predikant. Hierdeur is dus 'n nuwe amp ge-
skap, n.l. 'n prediker. Die evangeliste het hulle
dikwels gewaen bokant die dienaars van die Woord.
omdat hulle sonder studie, deur buitengewone gawe
uitreunt. Vroer was dit dievalde met die oefenaars
wat sonder amp, opgetree het as broeder order
broeders, om hulle te dien in die uitlaging van
die H.G.
By die oefenaars is dit nodig, dat die kerke hulle
sal ondersoek, of hulle bekwaam en regdig is,
is, dat hulle dus vergunning kry om te dien.

Amarty

- (c) (c) Geen profete. (natuurlik nie in die sin van die Ou Testament, maar in die sin van die Nuwe). Zwinli het te Zurich die profete ingestel. Sy profete was geleerde manne, met kennis van die grondtale van die H.S. Nadat hulle die H.S. vir die volk verklaar het, kon die volk aan die profesie deur kritiek op die gesprokene, en deur byvoeging van die die sienswyse. In Geneve vind ons die kongregasie, waarin 'n Bybelboek geloes en verklaar is. Die volk kon aan die diskussies deelneem. Daarop het die predikante bymekaar gekom vir onderlinge kritiek. Veral by die vlugteling gemeente van London, vind ons die profesie bloeiend onder a Lasco. Na die preek het die mense bymekaar gekom, om vrae te stel aangaande die gepredikte. Om verwarring te voorkom, is daar bepaalde persone aangestel om vrae te stel. Ook by die Konvent van Wezel, is die profesie erken. Hier het hulle 'n kollege van Skrifverklaarders gevorm. Die volk mog nie praat nie, maar tot die kollegie nog behoort, onderlinge en gewone gemeentelike. (Vgl. Prof. du Toit: Die 16de eeu Profesie, en sy betekenis vir ons tyd).

Voorts word in art. 2. ook geen melding gemaak van:-

- (a) Kerkadministrateurs:- Dit is ook geen eigentlike kerklike bediening nie, maar dit bepaal sig tot die stoflike sake van die gemeente. Vroer het die owerheid die Gereform. kerke versorg, omdat die kerkgoedere met die Reformasie aan die owerheid gekom het. Teenwoordig kan die kerkraad daarmee belas word, of daar kan 'n aparte kollege daarvoor ingestel word. Prinsipiëel is die beste weg, dat die kerkraad sig nie te veel met stoflike sake inlaat nie, maar aan die anderkant ook nie geheel er al aan 'n kollegie van administrateurs oorlaat nie. So 'n kollegie moet aangestel word deur die kerkraad, en arbeid onder die toesig van die kerkraad. In die meeste van ons gemeentes kan die diakens, met die hulp van die Ouderlinge, nog wel, die stoflike sake van die gemeente behartig. Vgl. Kuyper; Tractaat van de Reformasie der Kerken, en Dr. du Toit; Het Ambt der ouderlingen en diakenen. In Wezel 1588, is oor hierdie saak gepraat. Hier is uit gespreek, dat hierdie saak nie aan die ouderlinge moes ogedra word nie, omdat hulle werk geestelik was.
- (b). Krankversorgers en Katigiseermeesters. Vroer, onder die "kruis" en in die "verstrooing" was die gemeentes klein, en baie het die pape gehad om by siekte mekaar stigtelik toe te spreek. Ook was die goddiens onderwys in die huisgesin goed. Die kwe is v van krankbesoekers en katigiseer meesters, tot hulp van die predikante, het eers opgekome na die vryheid, 1572, toe die kerke groot geword het, baie lede min ontwikkel was, en predikante skaars was. Dordrecht, 1574, was teen die krankbesoeker, art. 55. As die predikant die werk nie kon doen nie, moes hy die hulp inroep van ouderlinge en diakens. Tog is in die 16de eeu, 'n groot aantal kranke besoekers aangestel, omdat die predikante alleen die werk nie kon afdoen nie, en ook nie die ouderlinge nie. In Amsterdam was die aantal ouderlinge gelyk aan die van die predikante, en 'n ouderling moes eenmaal in sy dienstyd die wyk rondgaan. Verder het die owerheid die diens van die kerk gevra vir gevargenisse, hospitale en skepe.

Bale krankbenoekers is toe oorale aangestel in die groot stede. Hulle moes onderwys gee. In die Arminianse stryd het hulle soms kostelike dienste bewys, en bale het daarna volgens art. 8 prefikante geword. Hierdie ampte is dus slegs noodhulp. Vardiar dat hulle nie in die K.O. genoem is nie. Voetius noem hulle die helpers of behulpsele, waarvan die R.S. sprak, I.Kor 12;28.

- (c). Lesers. Van hulle word gesprek in die kerke onder die kruis, en in die verstrooiing, waar daar nie altyd 'n eie predikant was nie. Te Emden is aanbeveel dat die klassis, lesers moet aanstel, waar geen vaste diens was nie. Dit was dus weer 'n noodhulp en geen nuwe amp nie. In 1581, is daar gevra, of dit nie goed is om in die vakante kerke lesers te he nie. Dit is toe afgeraai. Die lesers gaan hulle naderhand inbeel, dat hulle dienaars van die Woord is. (Partikuliere Vrae II. 12). Teenwoordig is dit beter om lesers te stel, as surrogaat vir die diens van die Woord, dan oeffenaars. Daar is geen gevaar, as dieselfde persoon nie telkens lees nie. Die lesing gaan onder toezig van die kerkraad, en die leser word deur die kerkraad aangestel. Die enige eis, is dat daar behoorlik sal gelees word. Dit hoef dus nie noodsaaklik tot die ouderlinge of diakens beperk te word nie. Voorts is daar geen sprake van kouters of orgelis nie. Die beste is om hierdie diens as vrywillig te beskou.

ART. 5. - DIT SAL NIEMAND, HOEWEL HY 'N DOKTER, OUDERLING OF DIAKEN IS, OM DIE DIENS VAN DIE WOORD OF DIE SAKRAMENTE TE BEDIEN NIE, SONDER WETTIGLIK DAARTOE BEROEPE TE WEES NIE, EN WANNEER IEMAND DAARTEN DOEN, EN MEERMALE VERMAAN IS, EN NIE AFLAAT NIE, SO SAL DIE KLASSIS OORDEEL, OF HENS HOM VIR 'N SKEURMAKER SAL VERKLAAR, OF OP ENIGE ANDER WYSE SAL LTHAF.

In art. 5 - 17, word uitgesprek, dat daar 'n roeping moet wees, voordat die diens van die Woord sal plaasvind. Dit is die hoofbeoelung. Hierdie besluit vind ons reeds by Emden, 1571, art. 18. Die geval het sig meermale voorgedoen, dat mense hulself in die kerkdiens ingedring het, juis omdat die opleiding, die eksamen en die beroeping nog nie gereel was nie. Dit het gebeur deur monnike en priesters, wat met die Reformasie meegegaan het. Dan was daar ook mense, wat predikend rondgeraai het, sonder deus enige kerk wettiglik beroepe te wees. Weens die onrus van die tye, en die geringe kennis in hierdie opsig, is hulle met rus gelaat. Namate die invloed van Geneve, egter sterker geword het, en die Gereform. insig verhelder het, het daar orde gekom. Die predikers, wat hulself nie onderwerp het nie, is toe "lopers", of skeurnakers genoem. Onder die pousdom was daar iets dergelyks, onder die monnike, maar daar het dit or etik toegegaan. Hulle moes in die amp wees, en deur die pous of biskop beroepe. Die kwaad was in 1574, nog nie gestuit nie, soos die Acta van die Sinode van Dordrecht, in daardie jaar gehou, getuig. Die klassis, Brielle, het nog gekla oor die lopers, vgl. art. 18.19, waar die ondersoek aan die klassis oorgedra is, en so diegene wat bevonde, skeurnakers te wees, nie gehoorsaam nie, moes die name aan die ander klasies bekend gemaak word. Die Provinsiaal Sinode, het die Reg van appel. Dit het nie so maklik gegaan nie, weens die plaaslike owerhede, en die Roomse kerkmeesters.

Daarom is die prins versoek, of hy die offisiere wou opdra, om niemand op die preekstoel toe te laat, sonder toestemming van die klasses. In 1578, op die nasionale sinode van Dordt, die artikel byna onveranderd oorgeneem. Ook professore mag sonder roeping nie preek nie. Vgl. Hoofst. 8. parag. 5. Die sinode het egter gereken met die omstandighede, b.v. 'n ouderling het die sakramente bedien. Dan moes sy werk vir wettig erken word, omdat die gemeente hom versoek het, en hy dás 'n soort van 'n roeping gehad het. Maar dit was iets, wat nie navolging verdien het nie. In 1581 vind ons die teenwoordige redaksie. -daar moet 'n roeping wees, uitwendig ~~of~~ inwendig. Die K.O. handel nie oor die inwendige roeping nie. De Intimis ecclesiae non judicat. Die K.O. gaan dan ook oor die uitwendige orde. Tog word die inwendige roeping onderstel. Voetius reken by die inwendige roepings:-

- a) die begeerte, (impetus cupiditatem).
 - b) 'n opregte guitere bedoeling.
 - c) 'n waardeskatting van die diens van die Woord as die voortreflikste.
 - d) vry wees van eers- en winsug.
 - e) vry wees van ambisie om vir sigself invloed te verwerf, i.p.v. die Here te dien. Joh. 3; 9, 10.
- W) bereidvaardigheid om alle ongemakke en nadele aan die diens van die Woord verbonde, geduldig te dra met blymoedigheid.

Verder se Voetius, dat nie alle begeerte om God te dien, juis 'n begeerte tot die diens van die Woord kan genoem word nie. Anders moet elke Kristen 'n predikant word. Die begeerte moet standvastig wees. Mens moet alle moedlikhede oordenk het. Verder moet mens weet, welke gawe van die liggaam en die gees mens van God ontvang het. Ook moet hy homself beproef, of hy selfverloening genoeëg het, om alleen om Gods wil in die diens van die Here werkzaam te wees, en ten laaste, of hy die nodige middelle het. By hierdie selfbeproeving onderkeel Voetius vyf soorte van dienaars:-

- a) die vleeslike dienaars (carnales, mundani.). hulle wat om hulself en 'n goeie lewe dienaars is is.
- b) die eerugtiges - die wat alleen preek om eer van mense.
- c) die mense behaers - hulle wat vra, wat die gemeente wil en wat gepreek sal word.
- d) hulle wat behoortlik lewe, en hulle diens doen, maar slegs as taak, en die vrome wantrou, en nie met hulle omgaan nie.
- e) hulle vir wie dit te doen is om die diens, om die Woord, en wat weet dat hulle Gods instrumente is, en alleen om Sy eer moet arbeid.

Alleen hierdie laaste soort deug in die diens.

Die uitwendige roeping het die Gereform. gestal as noodsaaklik teenoor die Anabaptiste, met hulle inwendige lig. Die Woord van God, as onfeilbaar, staan bo die inwendige roeping, en die bealissing moet aan die kerke oorgelaat word. Dit word ook gestal teenoor die Metodiste, wat leer, dat elke gelowige soveel moontlik siele vir Christus moet wen, of die kerk vir hulle die deur en geleentheid open of nie. Konsekwenste is, dat dit die mens is wat wat die siele wen. Gereformeerde is, dat God dit doen. Die dienaar kan uit homself niks doen nie. Gereform. is, dat ons alleen moet werk, omdat God dit wil. Uit die predestinasie, volg die uitwendige roeping.

Kan 'n ouderling ook leer by gebreke aan 'n dienaar?

Kan 'n ouderling ook leer by gebrek aan 'n dienaar?

Antw. Nee hy het die regeramp, 1 Tim. 5;77., 1 Kor. 12,28.

Wel was alle ampte vroeër in die apostel verenig, en was ook die episcopi of opzieners en die presbyteri of ouderlinge een, maar hierdie amp is juis om die ontwikkeling en die orde van die kerk van mekaar te skei.

Artikel 4. DIE WETLIKE BEROEPING VAN DIESENE, WAT NIE TEVORE IN DIE DIENS WAS NIE, SOWEL IN DIE STEDE AS OP DIE PLAT-
TANDEBESTAAN:-

- a) IN DIE VERKIEPING, WAT NA VOORGAANDE GEFENDE, SAL GESKIED DEUR DIE KERKRAAD EN DIAKENS, MET ONDERHOUDING VAN DIE REKLING, WAT DAARVOOR PLAASLIK IN GEBRUIK OF DEUR DIE KERKRAAD VASGESTEL IS, EN VAN DIE WETLIKE OR-
ORDONANSIE, WAT ALLEEN DIESENE WAT VIR DIE EERSTE KEER TOT DIE DIENS VAN DIE WOORD BEROEP WORD, WAT DEUR DIE KLASIS, WAARIN HULLE WOON, PREPARATOOR GEEKSAMINER IS. EN VOORTS IN DIE KERKE MET NIE MEER AS EEN DIE-
NAAR, OOK MET ADVIES VAN DIE KLASIS, OF VAN DIE HIERTOE AANGEWEESE KONSULENT DEUR DIE KLASIS, WAAR SULKS TOT NOG TOE ONGEBRUIKLIK WAS.
- b) IN DIE EKSAMINASIE OF ONDERSOEK, BEIDE VAN LEER EN LEWE, WAT SAL STAAN BY DIE KLASIS, AAN WIE DIE BE-
ROEPING TER APPROBASIE IS VOOR TE STEL, EN SAL GESKIED TEN OVERSTAAN VAN DIE GEDEPUTEERDES VAN DIE PARTIKU-
LIERE SINODE, OF ENIGE DAARVAN.
- c) IN DIE APPROBASIE OF GOEDKEURING VAN DIE LIEMATE VAN DIE GEREFORM. GEMEENTE VAN DIE PLEK, WANNEER, NADAT DIE NAAM VAN DIE DIENAR VIR DIE TYD VAN VEERTIEN DAE IN DIE KERKE AFGEKONDIG IS, GEEN BREWAAR INKOM.
- d) IN DIE OPLEGGE BEVESTIGING IN DIE GEMEENTE, WAT MET BEHOORLIKE STIPULASIE EN AFVRAINGE, VERMANING EN GESEDE, EN OPLEGGING VAN DIE HANDE VAN DIE DIENAR WAT DIE BEVESTIGING DOEN, (EN ANDER DIENARE WAT MEER-
TEENWOORDIG IS), SAL TOEGAAN, NA DIE FORMULIER WAT DAARVAN IS. (Afrikaanse redaksie). (Redaksie 1818-

1819, - voor "gebeden" het gestaan- na voorgaande vasten"; na "dia-
kenen" was ingevoeg- en dat niet sonder goede korrespondensie met
de Christelyke owerheid der plaatse respectievelyk en voorweten en
advies der Classe daar het zalde tot nog toe gebruikelik in geweest".
Onder punt C- , het na "approbasie" gestaan- ten goedkenning van
die owerheid" Onder punt d) na- "formulier daarvoor synde" het
gestaan,- Welverstaende dat de oplegging der handen sal mogen ge-
daan worden in de Classicals vergaderinge aan den nieuwen gepromo-
veerden dienaar, die gezonden word in de Kerken onder 't Cruyse").

Hierdie artikel handel oor diegene wat nog nie in die diens was
nie, en se waarin die roeping bestaan. Outyds is die woord in rui-
mer sin gebruik, soos uit die artikel blyk. Teenwoordig verstaan
ons onder roeping, mees "verkieping". Die verdeling in vier, dag-
teken van 1811. Art 4.

Die Verkieping; Wie moet verkies, kerkraad of gemeente?

- a) Die H.S. se Josef en Matthias word deur die gemeen-
te gestel, en nadatv die lot op matthias geval het,
met toestemming van almal tot die elf apostels
gekies. Hand. 1;23. Die diakens word deur die
gemeente verkies. Hand. 6;4,5. maar tog onder lei-
ding van die apostels.
Foulus en Barnabas, verkies self ouderlinge vir
die gemeente. Hand. 14;28.

die "verdeling" deur opsteking van die hande", moet eenvoudig wees "verkiezing". Titus kry opdrag om van stad tot stad ouderlinge aan te stel, Tit. 1:5. Jns sien dus, dat hier geen strenge eenderleikheid geheers het nie.

(b). Wat die Gereform. Vaders se:-

1. Calvyn se; Hulle moet gekies wêrd deur die eenstemmigheid en goedkeuring van die volk. Blykbaar is die keuse deur die herders gedaan, en moes die volk goedkeur.
2. Voetiuskeur dit goed, dat 'n dubbeltal opgemaak word, en selfs 'n groots eers van die gemeente gevra word, en dat die gemeente dan kies uit die dubbeltal, maar sodat die potestas directiva, sowel as die judicium peremptorium et determinans aan die kerkraad sal bly. Vir die dubbeltal, sies art. 22.
3. Die Synodus weer laat die kerkraadsverkiezing deur die gemeente goedkeur.

(c) Die Pratyk van die Gereform. Kerke.

1.

I. Wesel, 1588, wil met uitsluiting van die gemeente, die verkiezing deur die kerkraad, met medewerking van die owerheid. Hoofst. 2. art. 3. Aan die gemeente het toegekom, die "gemeene bevestiging".

K. Embden, 1571, wil dat die kerkraad sal verkies met advies van naburige dienaars en Klassen, terwyl die gemeente sou gehoor word. Art 12, 14. Tog was daar toe nog 'n stemming deur die gemeente, wat ewewol deur Embden afgekeur is. In 1574, het die volkskeuse te Brielle ontstaan. Die sinode van Dordrecht het toe geoordeel, dat dit "confusie" gegee het, en dat die kerkraad moes kies.

Eweo die sinode van 1578, 1581, en 1583, Art. 4. K.O..spreek van die kerkraad en die diakens. In die groter stede het die diakens 'n aparte kollegie gevorm, wat nie by die kerkraad behoort het nie.

Hierdie praktyk moet aldus verklaar word:-

- (a) Die praktyk van 'n volkskerk is gekoester. Almal wat tot die nasie behoort, moes ook lede van die kerk wees. Maar die verkiezing kon nie vry wees nie, want baie mense was onkundig, of in hulle hart Rooms.
- (b) Daar was geen vaste kategorie van verkiesbare persone soos teenwoordig.
- (c) Die Independentisme het opgekom. Jean Morelli, Prof. te Parys, het geleer dat die verkiezing, die onbeperkte, uitsluitende en beslissende reg van die gemeente was. Hierdie stelling is deur die Franse sinodes veroordeel. Dit is beskou as omverwerping van die gesag, wat deur Christus self ingestel is; dus, revolusioner. In party gemeentes in Nederland het die volk tog self verkies, uit die persone op wie die gemeente gestem het. In Skotland het die verkiezing geskied met 'n dubbeltal.

(d) Die Saak self. Volgens die E.S. en die Gereform.

- (d) Die Sakk self.-Volgens die H.E. en die Gereformeerde beginsels, kom die saak van die wiskening, in die eerste instansie, so prinsipiëel aan die gemeente toe. Ons K.O. moet dus demokraties wees, en dit is ook wat haar stekking aangaan. Maar praktiese oorewegings het die ariëtokraties te seer in die hand gewerk. Die approbasie deur die gemeente is geen kiesreg nie, soos die gemeente daarmee sou tevrede moes wees. Die approbasie is 'n soort tugpafening. Meestal word daar geen beswaar ingebring.

- I. Omdat mens nie graag aanklaer van broeders wil wees nie.
 II. Omdat die klag soms moeilik te staaf is. Daarom word daar soms berus by die keuse wat heeltemal anders sou uitgeval het, as die gemeente self die kiesreg gehad het.

Die K.O. gaan dan ook in art. 22 verder, deur die toelating van 'n dubbeltal, en teenwoordig, waar die ideaal van 'n volkekerk nie meer gekoester word nie, is die dubbeltal so goed as algemeen in die Gereform. Kerke in Nederland ingevoer, en aan die gemeente word invloed hegee, deur die groots by die vorming van 'n dubbeltal. Die dan ook 'n eis van die Gereform. beginsels. Ons Konfessie se, dat die sopsdraers behoort verkies te word deur die wettige verkiesing van die kerk, d.i. van die vergadering van die gelowiges. Eensal moet nie vergeet word nie, dat die kerkraad altyd die leiding het, omdat hy die verantwoording dra en die roegsmag is, deur Christus in die gemeente gestel. Die verkiesing moet dus geskied onder die medewerking van die kerkraad en die gemeente. In die verkiesing geskied, dan word die verkose deur die kerkraad beroep, (judicium peremptorium).

Die "vaste" is teenwoordig in onbruik, en is daarom in die Nederlandse revisie van 1805 weggelaat, en: so in die latere Afrikaanse revisies. In die revisie is bygevoeg, agter kerkraad en diaken, "met onderhouding van die reglemente wat dan deur deur planmatige gebruik of deur die kerkraad goedgekeur is". "Vaste en Bidde". Hiervan is eers sprake in 1574. Dit is besluit dat die vaste nie meer nodig was, as 'n dienaar beroep word, wat trou gedien het. Wel wanneer iemand gekies word, wat nog nie in die diens was nie, dan moes daar wees huisvaste. Dit moet in die oog gehou word, dat daar tog nie soos nou 'n bepaalde klas van beroepbare persone was nie. Feitlik was destyds iedereen beroepbaar.

Dieselfde bepaling bly by die later sinodes. Die bepaling ontrent die gebed het gebly. 'n Afsonderlike bidstond is selfs daarvoor wenslik geag. Die vaste is egter in onbruik geraak. Onder die kruis was daar aanspiding tae. Toe die kerk egter tot bloei gekom het, is daar minder behoefte aan gevoel. Borelian was die Gereform. afkerig van vaste vasdae op Roomsse trant. Hierby het gekom, dat die beroeping later nie meer so moeilik was nie. Hoofsaak is, so Prof. Dutger:, nie die vaste self nie, maar die die gevoel van heil erns.

DE KORRESPONDENTIE MET DIE H.E. OORKEID.

In 1568 het Wesal prinsipiëel op sulke korrespondensie aangedring, en het dit nog geoordeel, enersyds om die klerikalisme van die kerkraad, en andersyds om die bandeloosheid van die volk. Die beginsel was, dat 'n kristelike owerheid as sodanig die kerk moes beskerm.

Die een Gereform. kerk wat toe bestaan het, moes deur die owerheid gehelp word. Hierdie gedagte is bevorder deur die voorbeeld van Calvyn te Geneve, waar die band tussen kerkraad en owerheid gereel was. Calvyn het gedink, dat 'n owerheid, gekies deur die volk, die volk gerepresenteer het, en dus mee kon werk. Later hetv die insigte verander. Daarvoor was gevaar, en party owerheidsper- sone was nie Gereform. nie. Alleen in Zeeland het kerk en owerheid by die beroep saamgewerk, die collegium qualificatum. Hier het die kerk die meerderheid van stemme gehad. In ander provinsies wou die owerheid dit wel, maar daar was beswaar teen die owerheid as owerheid in die kerk. In 1581 was daar nog geen Gereform. over- held nie, daarom is daar toe ook geen sprake van samewerking nie. In 1574, ook nog nêe, al was die owerheid in Holland en Zeeland gereform. In 1578 is die approbasie ingevoer. Swaer in 1581 en 1588. Die artikel omtrent die medewerking by die verkiesing, het in 1618 bygekom. Dit is as konsessie ingevoeg, (Véetius) met die oog op ewentuele approbasie van die K.O. deur die owerheid, wat deur 'n sterke arm gehandhaaf moes word. Die approbasie van die owerheid het egter agterwee gebly, en die konsessies is dus van- self opgehef. So het die kerke dit beskou. Daaroer het daar o r hierdie punt heelwat moeite en stryd in die 17de en 18de eeu ont- staan. Die uitdrukking, "goeie korrespondensie" is ook vaag. Bogerman verstaan onder "korrespondensie", Voorwete kennis en goedvinde. Die kerke is deur hierdie verklaring min of meer oerge- lewer aan die mag van die staat. Die kerke het gese, dat die gewoone van die owerheid alleen gevra moet word, en dit alleen op burgerlik terrein, d.w.s. of die te beroepe persoon 'n goeie burger sou wees. In die stryd het die owerheid gewen, wat die traktamente uitkeer, en soma van die kerk.

VOORWETE OF ADVIES VAN DIE KLASSIS.

In 1568 was daar nog geen klassis nie. In 1571 wel. Daarom is daar sprake van die advies van die klassis of van twee of drie dienaars, omdat daar nog nie oerals klasse was nie. Die sinode van Dordt 1574, het die bepaling omtrent die naburige dienaars weggelaat. Holland en Zeeland had toe klassies. Dordt, 1578, het weer gespreek van twee of drie naburige dienaars. Dit was toe 'n nasionale sinode, en oerals was toe nog nie klassies. In 1581 en 1583, het die bepaling k gebly met die oog op die suide. In 1619, toe die kerke in die suide nie meer selfstandig was nie, en Zeeland ingedeel was, is die toevoeging weggelaat. Die Die motief van hierdie voorwete en advies was:-

- a) dat uit krag van die kerkverband, die dienaars oor en weer as sodanig erken word.
- b) kragtens die kerkverband, moet die kerke mekaar help, en dit is skadelik as 'n dienaar beroep word, wat onbekwaam of ongeskik is;
- c) deur hierdie advies kan moedlikhede voorkom word.
- d) die owerheid of heer van die dorp wou hom soma te veel laat galde teenoor die kerkraad wat af- banklik was. Die klassies was daarteenoor soets selfstandiger.

Die bedoeling kan dus nie wees, dat die plaaslike kerkraad onbevoeg sou wees om te beroep nie. Hy is outonoom, en staan nie onder voogdyskap van die klassis nie. "Voorwete van die klassis" het nie betrekking op die beroeping in die algemeen, maar op die persoon wat beroep word. Die klassis adviseer t.o.v. die vorme wat in ag geneem moet word.

In die 16de eeu het die advies aldus toegegaan:—die kerk wat beroep het, het eers tot die hele klassis gekom. Later is die hele klassis nie meer nodig geoordeel nie, en is deputate aangewys (die diensars). Ook is die kerk vrygelaat om te kies wie sy wou. Omdat die vernaamste werke van sodanige aangewese deputate was om raad te gee, is hulle ook "konsulente" genom. Die woord "konsulent" kom in die K.O. nie voor nie, maar wel, die saak. Nou dat daar 'n klas van beroepbare persone is, is die werk van die konsulent maklik. Tans oefen die klassis toesig uit deur middel van die konsulent. Hy moet die kerkraad bystaan in die verkiesingswerk en toezien dat alles beheerlik en in orde geskied. By die verkiesing is die konsulent nodig. Die kerkraadsvergadering sonder die konsulent is wettig, maar oor gewigtige sake, soos belydenis, is sy teenwoordigheid gewens.

DIE HAND OEFENING.

Vroer het die kerkrade handoeping van die klassis gevra. Dit het beteken dat die kerkraad gekom het met sy versoek, omdat die kerkraad by die owerheid aansoek sou doen om die traktement. Die kerkrade het die owerheid hiertoe verplig geag, omdat hulle die kerkgoed geneem het. Die klassis het aan die kerkraad te kenne gegee, dat die kondisies bly. Hierby kom nou die vraag, of die klassis 'n minimum traktement kan vasstel. Dit sou die outonomie van die plaaslike kerk aantas. Die salaris is 'n saak tussen die kerkraad en leeraar. Die enigste wat die klassis kan doen, is om aan te dring op voldoende traktement.

DIE EKAMINASIE.

Dit was van die begin af daar. Dit was gebruikelik in die Gereform. kerke. Rezel 1968, het gese dat daar op vier dinge moes gelet word.

- a) kennis name van die testimonium, waaruit blyk dat die kandidaat vry is van kettery;
- b) sy instemming met die belydenis;
- c) ondersoek na sy kennis van die dogmatiek;
- d) 'n soort preekpreek.

Die volgende sinodes het die eksaminasie nie verder uitgewerk nie. Reeds te Rezel is uitgespreek, dat hierdie eksaminasie eintlik deur die klassis moet afgeneem word. Aangesien die klassis toe nog nie bestaan het nie, is die hulp van die naburige kerke gesoek. Gewoonlik is die kerkraad nie in staat om die eksamen alleen af te neem nie. In 1574 kon eers bepaal word, dat die klassis dit moes doen. Sedert 1574 is daar geen ongeëksamineerde diensars toegelaat nie. Toe die Leidse Akademie gestig was, het die kerke gemeen, het hulle gemeen dat hulle in die teologiese eksamen daarvan kon borus. Daarom is in 1578 bepaal, dat diegene wat in Leiden of ander Gereform. universiteite gestudeer het, vrygestel sal word van die eksamen in die leer. Dit was egter die kleinste deel. Dit was gewoonte om by die Akademie eksamen te doen. Deur die optrede van Arminius egter, het die vertroue van die kerke verlore gegaan. Ook was die Akademiese eksamen ook nie altyd voldoende nie. Te Groningen, egter was die eksamen reukleurig, en is dit afgeneem geword ihd die teenwoordigheid van die kerklike deputate. Dit was altyd erken, en gevolg deur toelating tot propnent.

Die eerste vraag is:—Wie moet geëksamineer word?

Antw. Diegene wat vir die eerste keer beroep word. In art. 5 word geen eksamen genom nie. By die volgende roeping is die eksamen onnodig. Word die leeraar traag, dan is dit sake van die deputate en sensuur. Herëksamen kan alleen in nodig wees na ingesloope kettery.

Tweede vraag:- Deur wie moet die eksamen afgeneem word?

Antw. Deur diegene van wie die roeping uitgaan, duss die kerkraad; Die kerkraad is egter in die real nie daartoe in staat nie. Daarom is die hulp van die kerke nodig, d.i. van die klassis, en omdat die eksamen geld vir al die kerke, is daar sinodale deputate by.

DIE DEPUTATE.- Met watter bevoegheid is daardie deputate teenwoordig? Moety dit nie deputate wees van die Generale sinode, om so alle kerke te verteenwoordig? Sou die eksamen dan nie meer uniform wees? Hierteenoor staan, dat daardie uniformiteit nie sal verkry word, tenay by alke eksamen al die deputate teenwoordig is nie. Dit is onmoontlik. Bowendien sou hulle afsprake kon maak in die eksaminasie. Om die vrye beweging te bevorder, en by verkeerde rigting gewaarborg te wees, is dit veiliger om provinsiale deputate te stel, hulle het reg om vrae te vra, maar is geen lede van die klassis nie. Hulle kom om te help, en advies uit te bring. Hulle advies moet kollektief wees. Die klas is moet besluit oor die al of nie toelating.

Wat moet gedoen word by verskill? Formeel hoef die klassis hom nie te hou aan die advies nie, maar dan het die eksaminandus alleen toelating in daardie klassis. Uit krag van die kerkverband is die klassis ~~aan~~ moreel gebind aan die advies. Gaan die klassis deur, dan moet die sinode oordeel oor die konflik.

W
Vraag drier:- Waaroor gaan die eksamen? Die K.O. se oor leer en lewe. Vir die lewe moet daar attestasies wees van die kerkraad, en van die leer van wie hom onderwys het. Ook vir die belydenis is daar atteste nodig. Die vakke vir die wenskaplike eksamen word oorgeleas aan die klassis en provinsiale sinodes.

Al die bogenoemde geld die preeptoor eksamen. Maar reeds in die 16de eeu is ook afgeneem die prepatoir eksamen, wat deur ons K.O. nie genoem word nie. Vroeer was dit daar nie. Wel was die aangedag daarop gevestig dat daar nie somar beroep mag word onder opleiding nie. Die hulpmiddel was "proponeer". Toe die universiteite gekom het, was daar 'n ander reeling nodig. Daarom is in 1588 besluit tot die s.g. prepatoir eksamen art 8. Hierdie eksamen word afgeneem deur die universiteit of klassis. Deur die insluiping van Arminianisme, het die eksamen algemeen geword. Alleen in Friesland is maar net een eksamen bly bestaan. Prepatoir en preeptoor, albei vir die roeping. Daarmee het saamgehang, dat in Friesland die gewoonte bestaan het, dat iemand tot die diens georden kan word sonder roeping. Dit was ongereform. Sic art. 7. K.O. Hier was 'n nawerking van die Roomse suurdeeg. Die gedagte was, een kerk vir die hele provinsie Friesland. Hierdie beginsel, deur a Brakel, voorgestaan, het ook in ander provinsies deur gedring., en het geleid tot deformatie van die kerke. Die ander provinsies het gemeen, dat elke ecclesia localis 'n volledige kerk van Christus was, en dus selfstandig, volgens Gereform. beginsel. Friesland het, egter, teenoor die plaaslike kerke gestel, nog 'n kompleks van kerke, met dieselfde regte tot roeping en sending. Dit is in beginsel die kollegiale stelsel, wat erken 'n sending watv uitgaan van 'n kompleks van kerke, sonder arbeidsveld. Hierdeur is die organisasie van 1818 in die hand gewerk. Brakel noem die roeping "sending", maar ondervang nie die beswaar nie, want sending en roeping is nie presies dieselfde nie.

Mag 'n proponent hulpprediker wees? Ja, maar hy mag nie doop of Avondmaal bedien nie.

Kan 'n proponent 'n formulier voorlees? Sommige klassies het geantwoord **nee**. Voetius het dit bestry, omdat die formulier nie essensieel behoort by die sakrament nie. 'n Sakrament sonder 'n formulier, is ook 'n sakrament. Hulppredikers wat lank in die diens is, mag met hierdie bevoegdheid beklee word, mits die kerkraad hulle roep.

Mag proponente onderlinge, diakone, huwelike bevestig?

Onderlinge en diakone nie, want hulle is van gelyke diens as die dienaars van die Woord. By die huwelik het Voetius geen beswaar gesien nie, dog die kerke wel, want dit is 'n kerlike handeling waar die gemeente teenwoordig is. Dit is die bediening van die Woord wat toegepas word in 'n bepaalde geval. Al wat val, buite die laat hoor van sy preekgawes, mag hy nie doen nie.

Mag 'n proponent katesiseer? - Ja.

DIE APPROBASIE

Die approbasie van die owerheid is verval, weens die veranderde verhouding tussen kerk en staat. Volgens Voetius was die approbasie van die owerheid 'n konsessie wat die kerke gemaak het, om die owerheid te verkry, die algemene invoering van die K.O. deur die staat. Toe dit egter nie geskied het nie, het ook dié konsessie verval, wat deur die kerke gedoen is (de ut des). Die approbasie van die klassis word nie genoem nie. Dit word geag gegee te wees by die eksaminasie. Die prinsipale stuk vir die klasikale approbasie is die beroepsbrief met die brief van aanname van beroep. Die klassis het hiernee te maak, want by kwessie kom die saak voor die klassis. Daar mag miskien ook klousules in voorkom, wat nie goed is nie, b.v. dat 'n predikant geen vakatures mag vervul nie. Dié approbasie van die gemeente is geen formaliteit, maar die bedoeling is om te vernem, of daar geen besware is nie. Die gemeente werk nie alleen saam by die beroeping nie, maar het ook die reg, om na die eksaminasie nog besware in te bring. Die tyd van 14 dae, beteken drie Sondae. Op die laaste Sondag kan daar besware ingebring word. Eers na hierdie approbasie, sal oorgegaan word tot die bevestiging. Die hoofbedoeling van die approbasie is, dat iemand nie sal opgeking word. *10*

DIE BEVESTIGING.

Die bevestiging is die openlike verklaring, van die aanname van beroep, en die openlike verbinding aan die kerk wat beroep het. OP sig self is die bevestiging nie strik noodsaaklik nie, omdat die roeping die essensiale is. Die insetting in die amp le in die beroeping. Tog is dit goed, dat die roeping openlik gekonstateer word, die die geroepene openlik die stipulasies sal aanneem. Anders kon die aanname van die beroep twyfelagtig wees. Die roeping as sodanig gaan nie van die kerkraad alleen nie, maar veral van die gemeente. Daarom moet die bevestiging gereel word. Die bevestiging, is egter geen ordening in die sin van die Roomse nie, die Episkopale en baie Lutherse nie, wat die geestelike stand van die leke onderskei deur hulle besonder wyding nie. Dié Gereform. verny die woord "ordering", juis om die misbruik daarvan gemaak is. Die roeping van die bepaalde kerk stel dus in die diens. Voetius het die Friese reeling bestry.

OPLEGGING VAN DIE HANDE.

Ook die oplegging van die hande is nie essensieel nie. In die begin was da r selfs beswaar teen. Rezel se; dat dit vry moes gelaat word. Die sinode van 1574 het geoordeel dat dit tot superstitie en bespottling kon lei. Daarom moet dit voorloppig agterwee gelaat word. Die sinode van 1578, art. 5, het die saak vry gelaat. Die oplegging van die hande was vir ha r die selfde as die refterhand van gemeenskap.

In 1886, in die art. geredigeer, soos dit nou is. Die handop-
 legging het in gebruik gekom, omdat die S.S. daarvan meld.
 Hand. 8;15, 2 Tim.;1:16. Hierdie laaste plek leer nie, dat die
 omgawe deur die handoplegging meegedeel word nie. Vergelyk met
 1 Tim. 4;14, blyk dat hier alleen sprake is van 'n simboliese
 handeling, wat aan die verlening van gawes verbonde was, of daar-
 op gevolg het, terwyl die profesie die middel was, waardeur die
 gawes meegedeel was. Die Calvin; Institusies Boek 4.-2, 18. By die
 Gereformeerde was die handoplegging alleen 'n teken of althool
 en wel van algehele toewyding aan die diens van die Ek Woord.
 Daarom vind dit alleen plaas by Bedieners van die Woord. Verder
 is dit 'n teken van gemeenskap. (vgl. registerhand van gemeenskap,
 sinode 1878).

Die laaste alinea van die art. sien hierop, dat onder "het Cruyse"
 dienaars moeilik in die gemeente self kan bevestig word. Dit sou
 te veel die aandag getrek het. Die Zeeuwse klassen het om die
 beurt 'n jaar vir daardie gemeentes gesorg, en dan is, hoewel abron-
 maal, 'n dienaar deur die klassis bevestig.

ARTIKEL 5. Aangaande die dienaar wat nou alreeds in die Woord
 is, en tot 'n ander gemeente beroep word, sal desgelyke sodanige
 beroeping geskied, sowel in die stede as op die platteland, deur
 die kerkraad en diakone, met ongerkouding van die regeling wat
 daarvoor plaaslik in gebruik, of deur die kerkraad vasgestel is,
 en van die generale kerklike ordinasies oor die beroepbaarheid
 van diegene, wat buite die Gereform. gemeentes in S.A. gedien het;
 in kerke met nie meer dan een dienaar nie, ook met advies van die
 klassis of konsulent, hiertoe deur die klassis aangewys, waar dit
 tot nog toe gebruiklik was, en voorts in al die kerke met appro-
 batione van die klassis aan wie die voorsiede beroepenes sal vertoon
 goeie kerklike attestasie van leer en lewe en met approbatione van
 die lidmate van die Gereform. gemeente van die plek, wanneer, nadat
 die naam van die Dienaar vir die tyd van 14 dae aan haar voorge-
 stel is, geen hindernis daarteen kom nie, waarna die beroepenes
 met voorgaande gebede en stipulasies sal bevestig word, naar die
 Formulier daarvan.

(Dordse redaksie.— na sodanige beroeping het gestaan "met korres-
 pondensie als vore", na Diakone het gestaan "met advys ofte appro-
 batione van de Classe, alwaar de voorsz. beroepene oethooren zulleer
 goede kerklyke attestasie van Leere ende leeven. En also by de
 Magistraet vande Plaetse respectievelyc gheapprobeert, ende der
 gemeynthe der tydt van veertien dagen voorgesteld zynde, als boven,
 sullen met voorgaende stipulatione ende gebeden bevestight worden.
 Onvercoort in 't tevooren geseydt is yemander syn doughtdelijck
 recht van presentatie, ofte eenigh ander recht, voor zovuel hetzelve
 stichtelyk kan worden gebruykt, sonder nadeel van Godes Kercke
 ende goede kerckenorde; waarop de Hooge Overheden en de Siroden
 der respectievelycke provintien, wel gelieve te letten, ende ten
 besten van den ten Kercke noodighe orde te stellen").

Hierdie art. handel oor diegene wat reeds in diens was. Die ek-
 samen word weggelaat, en ook die oplagging van die hande.

REG VAN PRESENTASIE.—

geld ook vir hierdie art. en sijn op die
 toentertyd bestaande patronaatsreg. Hierdie reg moes die kerke een-
 biedig. Hierdie bepaling het eers in 1819 gekom. Die laaste sin s
 slaan op art. 4 en 5. Anders tog sou dit ongerymd wees. Reg van
 presentasie, is die reg van enige persoon, familie kollege of
 stigting ('n persoon in juridiese sin) wat die reg het om iemand te
 presenteer, wat die kerk sonder wettige beware moet aanvaar.

By die Reformasie het daar moeilikheid gekom, omdat die Gereform. kerk nie as nuwe stigting te opgetree het nie, maar as die ou gesuiwerde kerk. Daarom het die kerk toe te doen gehad met bestaande toestande en regte. Vroer het die kerkstigting dikwels uitgegaan van 'n juridiese persoon, wat daarop aanspraak gemaak het, op die reg om 'n gekwalifiseerde persoon sinter aan te wys. In die Middel Eeu sou dit dikwels nie tot kerkstigting kon gekom het nie, as daar nie so 'n persoon was nie. By het onder die Roomse juridiese geval.

Van presentasie word gespreek, omdat die kerk formeel beroep. In die begin van die 18de eeu was daar nog nie veel moets nie. Die hoogsteandes het later eers Gereform. geword. Die kerk het hom teen die bestaande reg (jus patronatus) verklaar, omdat die kerkraad deur Christus verordineer was,, en omdat geld en eer in die kerk van Hom nie mag geld nie. Tog hetv die persoon soms sy wil dourgesit, teen die klassis in. By het pastorie en geld gegee, en het die predikant verbied om hom met die klassis in te laat. Ook was die overheid op die hand van die patroons. Die Overheid wou graag die reg van beroeping in die hande ha, maar waar dit nie kon nie, het die overheid dit liever geel in die hande van die patroons dan in die van die kerkraad. Die kerke wou van hierdie regte afkom, om die prinsipiële rede, dat die kerkraad alleen gesaghebbend is, en ook omdat die patroons Rooms en onverskillig was. In 1619 is gemeen om dit te kan afskak, of onskadelik te maak, . Maar die gekomiteerdes van die State Generaal het gou beduie, dat die State daarin nie sou bewillig nie. Hulle het gemeen dat daardie reg 'n heit was, ewens ander dinge. Daar moes liever geel word om die patroon meer onskadelik te maak, b.v. iemand moes bewys dat hy patroon was, en dan nog alleen gekwalifiseerde persone gepresenteer word. Vir goede onderhoud moes gesorg word. Die gepresenteerde moes suiwer wees in leer, en moes hom onderwerp aan die K.O. Die kerke kon ook weder. Die sinode het hom maar geelik, omdat die Staat die kerkorde moes goedkeur en invoer,. Dit het nie gebeur nie, en die konsessie het verval.

ARTIKEL 6. Ook sal geen dienaar die mag aenneem in enige partikuliere heerlikhede, gashuise of anderszins, tensy hy voorheen gesdmitteer en toegelaat is, volgens die voorgaande artikels, en hy sal ook nie minder dan die ander aan die kerkorde onderworpe wees.

Hierdie art, is gemaak in 1578, Vroer onder die kruis was dit nie nodig nie. In 1578 het hieroor kwessie gekom, omdat Willem I hofpredikers gehad het, en ook ander here hulle gewens het. Vir die diens was 'n roeping nodig. Daarom moes die bekwaamste hoflede 'n kerkraad vorm. Was hulle nie daar nie, dan moes gercep word deur die kerkraad, onder wie se resort die heerlikheid was. In 1581, het die "gashuise" daarby gekom, omdat hulle w met die steds Gereform. geword het. Met hierdie art, het die kerke uitgespreek, dat hulle geen saggenskap had oor Heerlikhede, Gashuise, ens. Daarom het die bewindhebbers van sulke inrigtings gekies wie hulle wou. Hulle het ook die instruksies gegee,. Die kerk kon alleen die dienaar kwalifiseer, en maak dat sy diens die diens van die Woord was. Sodanige dienaar het sy bevoegheid aan twee magte ontleen:

- a) aan die kerk wat hom gekwalifiseer het;
- b) aan die bestuurders van die inrigting.

Vgl. die huisbesoek, waar die predikant kom, kragtens sy kwalifikasie, en tog toelating verkry deur die huisvader.

Die Gashuis van Amsterdam, het onder die burgmeester gestaan, wat die dienaar aangestel het. Maar die kerkraad van Amsterdam is daarin erken en die dienaar is deur die kerkraad beroep en bevestig. Anders is dit 'n ekklesiële in ecclesia. Deurgaans het die burgmeesters aan die kerkraad die predikant voorgedra.

Het die kerkraad nie beswaar nie, dan is di voorgedraagde as predikant beroep. So'n versorger is beroep as predikant van Amsterdam. Die diens in die gashuis was alleen diens van die Woord. Die sakramente is daar nie bedien nie. As predikant van Amsterdam was hy ook lid van die kerkraad, en het met ander predikante gelyk gestaan. Wanneer die instruksies van twee kante belyd word, is daar geen beswaar nie. Die kerk alleen as bewindhebbers & van kerkraadsbemoediging niks wil weet nie. Dan kry mens op Metodistiese manier 'n kerk in 'n kerk, of die opinie kom op, dat die kerk oorbodig is, en elke inrigting sy eie kerk kan maak. Dit was egter nie 'n wettige diens van die Woord wees nie. Die kerk kan nooit toegee, dat daar buite die kerk onvoldoende geestelike versorging sal bestaan nie. Dit sou haarself vernietig. "Gashuis", - Hospitaal waar iemand "te gaai gaan", as gas van daardie staat. "Heerlikheid", - besitting van 'n Heer of edelman.

ARTIKEL 7. Niemand sal tot die diens van die Woord beroep word nie, sonder dat hy in 'n bepaalde plek gestel word, tensy hy sent by gestuur word, om hier of daar kerke te vergader. (Dordtse redaksie. - ten waar dat hy gesonde woorde om hier oft daar te predikeren in de Gemeente onder het Cruyse, ofte anderszins om Kerken te vergaderen.).

Hoofsaak in hierdie art. is, dat die roeping van 'n bepaalde plaaslike kerk moet uitgaan, en dat die beroepene aan daardie kerk verbonde is. Hierdie art. sý die gedagte van 'n geestelike stand, soos dit in die Roomse kerk gevind word, af. Die roeping kleeft nie aan die persoon nie. Die Gereform. kerke erken geen roeping sonder inhoud nie. En dit doen God alleen deur die kerk. Die Kerk openbaar hom plaaslik. Dus kan die roeping alleen uitgaan van die plaaslike kerk. In die begin was dienaars soms tydelik aan 'n gemeente verbonde, n.l. onder die verstrooiing, en onder die Kruis. Dit was abnormal. Toe die vryheid in 1572 gekom het, was die kerke dadelik daarop bedag, om die predikante aan die plaaslike kerk te verbind. Vrye dienaars moes hulle op 'n sekere plek stel. Alleen in Friesland is die a.g. sending ingevoer, wat later deur a Brakel verdedig is. Die gemeente onder die Kruis, kon van weë die omstandighede nie roep nie, meesal weens finansiële gebrek. Dan het die genabuurde kerkrade die diens waar geneem. Die vergadering van kerke bestaan nog wanneer 'n bepaalde kerk 'n dienaar uitstuur om onder die heidene te werk, en 'n kerk te vergader. Vgl. Gereform. Sendingsorde.

ARTIKEL 8. 'n Mens sal geen skooldmeester, handwerkleier of andere, wat nie bestudeer is nie, tot die predikamp toelate, tensy dat mens verseker is dat hulle singulêre gawe, godsaligheid, sedigheden diskresie, mitgaders gawe van welaprekendheid het nie. So dan, wanneer sulke persone hulle tot die diens presenter, sal die klassis hulle, indien die partikuliere sinode dit goetvind, eers eksamineer, en naardat hulle in die eksamen bevind word, hulle 'n tydlang in die prive laat proponeer, en dan voorts met hulle handel, soos hulle sal oordeel stigtelik te wees.

Hierdie art. handel oor die roeping, maar van hulle wat nie gestudeer het nie. Die art. is afkomstig uit die Postata van 1819. Oor die saak is vroeër reeds gehandel, en die Gereform. het steeds volgehê, dat goeie opleiding 'n vereiste was. In die begin van die Reformasie was daar egter alreeds twee Hogeskoole, een in Geneva, en een op Heidelberg. (as die Keurvors Gereform. was). Reens onkoste & en ander ongemak, kon baie nie na die buiteland gaan nie, en moes dus in die behoefte voorzien word deur nie-bestudeerdes.

Om hierdie manne te oefen, is die proposities ingestel, n.l. die opstel en uitspraak van skriftelike voordragte. Daar is onderkaats tussen propositiones privatas et publicas, E.g. is gehou voor die kerkraad, i.g. voor die gemeente. Hierdie laaste het reeds teen die end van die 16de eeu verdwyn. Eers is hulle genoem "protesie", Wesel 1588, hfak. 2 par. 25. spreek van private propositie as 'n middel om te kom tot bediening van die Woord. Net so Embden 1571, art. 52. Die Dordtse sinode, 1574, het as voorwaarde gestel die volgende gave,-

- a) godsaligheid en ootmoed;
- b) welaprekendheid;
- c) goed verstand en diskresie.

Hierdie private & proposities is ook bygewoon deur gestudeerdes. Vgl. die sinode van den Haag, 1588, en Middelburg 1581. Op die sinode van Dordt 1578, het die vraag opgekom, of daar nie meer restriksies sou gemaak word nie. Die sinode het die saak gelaat soos hy was. Ewees die van den Haag 1588. Dordt 1619 het die kwesal nie behandel ne aanleiding van 'n gravamen. Immers was die Leidse universiteit reeds opgerig in 1588. Die Dordtse sinode wou die artikel nie skraap nie. Vasgehou is, dat God ook buite die studie gave kon gee. Die sinode wou alleen strenger toelig he, en het alleen twee bepalinge toegevoeg aan die van 1574.-

- a) blyk van singuliere gave;
- b) die oordeel oor daardie gave deur die provinsiale sinode.

Die klasdis neem die eksamen af. As dit goed uitval, moet hulle twee of drie jaar in privaat onder toesig proponeer. Daar het nie baie gevalle voorgekom nie. Teen die end van die 17de eeu was hierdie art. feitlik buite werking. Met die Afskeiding en die Doleansie is weer baie broeders onder hierdie art. binnege-loods. Die sinode van 1893 het egter besluit dat die gave en die gevalle baie buitengewoon moet wees. Onder normale omstandighede is opleiding onontbeerlik, en juis aan te beveel vir diegene wat gaves besit.

ARTIEKEL 9. Nuwelinge, Mispriesters, Mornike en die wat anderszins enige sekte verlaat, sal nie toegelaat word tot die kerkediens, d dan met groot sorgvuldigheid en versigtigheid, nadat hulle ook vir 'n sekere tyd beproef is.

Hierdie art. dagteken van die ou tye af. Met hierdie soort mense het die kerk baie ergernis gehad en treurige ervarings opgedoen. Vandaar hierdie art.. Daar moet baie versigtig met hulle gehandel word.

Oor die vraag of die Gereform. kerk op die kansel mense kan toelaat, wat van ander kerkformasie is, moet geantwoord word- nee. T Toegelaat om die diens van Woord en Sakramente waar te neem, mag alleen dienaars van die kerke, met wie die Gereform. kerk in S.A. in korrespondensie staan, nadat die kerkraad hom oortuig het, dat die persoon regsinig is in leer, en suiwer en onbesproke in wandel.

ARTIEKEL 10. 'n Dienaar wat eenmaal wettiglik beroepe is, mag d die gemeente, waaraan hy verbonde is, nie verlaat nie, om elders 'n beroeping op te volg, sonder bewilliging van die kerkraad met die diakens, en met voorwete van die klasdis nie, net so sal geen ander kerk hom mag ontvang nie, voordat hy getuenis van sy afskeid van die kerk en die klasdis waar hy gedien het, sal vertoon. (Dordtse redakcie.-na "gemeente" het gestaan; "ende diegene die te vooren in de dienst van ouderlingschap ende diakenschap (beweest syn, mitgeaarders die wen de magistraat.)).

Hierdie art. handel oor die band tengevolge van die roeping tussen gemeente en dienaar. Die Dordtse Redaksie het die woord "onder kondisie". Outyds is soms 'n roeping met kondisie uitgebring, b.v. 'n dienaar des Woords is vir 'n tyd beroep, b.v. tot aan die end van die heersende vervolging. Ook het die omgekeerde gebeur. Toe Nederland die vryheid in 1572 verkry het, het buitelanders hulle dienste aangebied, tot tyd en wyl dat hulle buitelandse kerk hulle weer terug verlang het. Hierdie kondisies is dus begryplik deur tydsomstandighede. Tans kom die roeping onder kondisies nie meer voor nie. "Beroeping aanneem" beteken inn. art. 10 "daar gevolg aangee" en dus weggaan. Teenwoordig beteken dit "geneig wees om weg te gaan", terwyl 'n man eers later gaan as die kerkraad en die klassis toestemming gegee het. Die woord "verlaat" staan in ou-hollands vir "laat vaar" of "verstoot". Vgl. die uitdrukking "die man sal sy vrou nie verlaat nie". Volgens hierdie art. bring die roeping mee, dat 'n predikant nie aenmagtig die band met sy gemeente mag breek nie. Die band is 'n bilateraal kontrak. Die bewilliging by vertrek moet geskied deur die organe, n.l. kerkraad en diakens. Die diakens word genoem, omdat hulle meeswerk met die beroeping. Die oudouderling en oudiaken is gesien in die Dordtse redaksie om meer d. die meeswerking van die gemeente te verkry. Hierin kom die demokratiese strekking van die K.O. uit. Vandag hou die Red. Gereform. kerk van S.A. nog aan die letter van die bepaling vas, en beroep sig daarop dat sy meer Dordts is as die Gereform. Kerk, by wie hierdie bedeling van oudouderlinge heeltemal in onbruik is. Maar dit kom daarvandaan, dat die Red. Geref. Kerk nie die gees van die K.O. verstaan nie, wat juis in die tyd, toe baie in hulle hart nog Rooms was, nie die kiesreg aan die gemeente kon gee nie, maar toe reeds die demokratiese strekking van die Geref. kerkreg laat uitkom hierin, dat by die beroeping soveel moontlik die medewerking van die gemeente moes geld, asook by die ontslag van die vertrakkende dienaars.

Hierdie bepaling is weinig gehandhaaf, en reeds in die 17de eeu deur die gewoonte afgeskaf, waarby kom, dat die gees van die ontslag, meer en meer 'n formaliteit geword het. Vroer kon 'n kerk soms haar dien. ar. nie mis, en is ontslag gewoener. Later is daar meer gehag aan die neiging van die dienaar. Dit is ook beter, want dit is nie goed om iemand teen sy sin vas te hou nie. Die owerheid en die magistraat val nou vanself weg, omdat dit bloot 'n konsepsie was aan die owerheid om die K.O. goed te keur, en die owerheid het dit nie gedoen nie.

"Voorwete van die klassis". Dit het vroer geluid: "toestemming van die klassis". Hierdie voorkennis is nodig weens die kerkverband. Die klassis moet oordeel of 'n dienaar uit die klassis kan gemis word. By ons in S.A. geskied die lousmaking en bevestiging deur 'n Kommissie van Toesig namens die Algemene Vergadering. Die Kommissie bestaan uit twee lede van elk van twee geskiedde kerkrade, deur hierdie twee liggende benoem. Moedlikheid ontstaan as een van die partye in die roeping betrokke wel die lousmaking wil, en die ander nie. Dan kan die kerkraad alleen nie besl. nie, ook nie die dienaar nie. Die beslissing oor die geval moet gemeenskaplik wees. Ontstaan daar konflik, en kan die partye nie tot ooreenstemming kom nie, dan moet daar 'n beroep volg op die meerdere vergadering.

ARTIKEL II.

Aan die anderkant sal die kerkraad, as representerende die gemeente, ook gehoue wees om haar dienaars van behoortlike onderhoud te voorien, en hulle nie uit hulle diens te ontslaan sonder kennis en approbasie van die klassis en van die Deputate van die Partikuliere sinode nie.

(Dordtse redaksie.--na "vooruien het gestaan.--ende sonde kennise ende oordel des Klassis niet te verlaeten, dewelcke ook by gebreke aan onderhoudt, sal oordeel of de voorschreven dienaars te verzetten syn of niet.)

Die verpligting dat die dienaar deur die gemeente onderhou en versorg sal word, vloei ook voort uit die roeping, die dienaar kan nie self vir sy onderhoud sorg nie, omdat hy nie daarvoor opgelid is nie, en ook nie daarvoor tyd het nie. 'n Byverdienste is ook skadelik vir die gemeente. Om hierdie rede het die Geref. kerk in die 16de eeu die dienaars verbied om 'n ander funksie waar te neem, b.v. notaris of arts. Dit is gedoen, nie uit 'n doperse begrip nie, maar eenvoudig uit ooreening, dat dit aan die ampbediening skade kan doen, en vir die diens van die Woord is die hele mens nodig. Hierdie art. is gegrond op I Tim 3, I Kor. 9, Gal. 3. 'n Bepaalde maat sal geskied nie aan nie,. Daar staan alleen "behoorlik onderhoud". Dit wissel na die omstandighede. By die Kruiskerke moes die dienaar tevrede wees om te leef soos die lidmate. Daarenteen mag 'n ryk gemeente nie haar dienaar op brood en water voed nie. By Rome met sy oelibaat is die behoeftes oorals dieselfde. By ons is die vraag, of iemand gehud is, en hoe groot sy gesin is,. By ons moet met die gesin gereken word, en die som moet met dieselfde mate verhoog word. Daar word gesê dat dit 'n premie is op die gehude lewe. Dit is egter altyd beter dan 'n premie op die ongehude lewe. By die opstelling van die K.O. het die besef nog nie gelêf, dat die kerk self moet sorg nie. Wel was dit die geval by die kruiskerke, maar later nie meer nie. Die mense het gemeen dat die owerheid moet sorg. Dit het daarvandaan gekom dat die Reformasie nie beskou is, as 'n seperasie nie, maar as 'n gesuiverde voortsetting van die bestaande kerk, sodat ook die owerheid Geref. geword het, en verplig was om die kerk te versorg met die kerklike goedere, wat sedert eene in haar besit was.

In die tweede plek is ook beweer, dat die owerheid die kerk moes beskerm. Die uitdrukking; "van behoerlik onderhoud versorg", beteken dus dat die kerk daarvoor poginge by die owerheid in die werk moes stel. Eers in later tyd is die besef ontwaak, dat die kerk self hulle dienaars moet versorg. Vgl. die praesadvies op art. 36 van die Konfessie, deur die Hollandse professore. Verder se die art. , dat die kerk haar dienaar nie mag verlaet nie, of op eis outoriteit ontlaan nie. Ontslag kan alleen gegee word op kennis van die klassis. In geval van gebrekkige onderhoud moet die klassis oordeel of die dienaar moet verplaas word. In die 16de eeu is in sulke gevalle geprobeer, om die dienaars te verplaas na 'n ander kerk. Dit het egter baie moelikheid afgegee, as die fout by die predikant gelyk het. Daartoe het die tussenkome sig in die reel daartoe bepaal om moedite te doen, dat hy erens anders sal beroep word.

Het die klassis verantwoordelikheid vir die behoerlike onderhoud van die dienaar? Dit is weleens bevestigend geantwoord, maar geheel ten onregte. Die verkeerde denkbeeld het voorop gesit, dat die kerke tesame 'n genootskap sou vorm, waarvan die plaaslike kerke afdelinge sou wees. Die plaaslike kerk is verantwoordelik. Die klassis het niks te se oor die finansies van die plaaslike kerk nienig mag daarom geen minimum traktement vastel nie. Die klassis kan alleen aan hulpbehoewende gemeentes 'n som ter ondersteuning beloof.

ARTIKEL 12.

Dewyl 'n dienaar, nadat hy eenmaal as wettiglik as houe beroepe is, sy lewe lank aan die diens verbonde is, so sal dit hom nie geoorloof wees, om hom tot 'n ander staat van die lewe te begeef nie, tensy om groot en gewigtige oorsake nie, waarvan die klassis kennis sal neem, en oordeel.

Wb (Uit hierdie art. mag nie afgelei word, dat 'n dienaar 'n karakter indelibilis het nie. By Rome is dit, en kan die priester alleen deur ekskommunikasie uitgesluit word. By ons is 'n dienaar alleen dienaar weens sy roeping, ook in hierdie art. uit gesprek, en hy kan ook van staat des lewens verander. Dat hy sy lewe lank aan die diens verbonde is, berus op die aard van die diens, wat die hele mens opvorder. "ander staat van lewe" beteken "ander werkkring of lewensposisie". Die klassis moet oor die verandering oordeel, en die oorsake moet groot en gewigtig wees. Bowedien moet die klassis oordeel, of hy sy radikaal as dienaar sal behou, n.l. sy herpeepbaarheid. In alle gevalle kan hierdie herpeepbaarheid nie bestaan nie, b.v. as 'n predikant 'n logementhouer of likeurstoker word.

ARTIKELS 13&14.

Hierdie art. handel oor die emiritering van die dienaars.

ARTIKEL 13.

As dit gebeur dat enige dienaar deur onderdom, siekte of anderszins onbekwaam word tot uitoefening van hulle diens, so sal hulle nogtans deernietemin die eer en die naam van 'n dienaar behou, en van die kerk wat hulle gedien het, eerlik in hulle nooddruf (soos ook die weduwees en die wees van die dienaars in die algemeen) versorg word.

Die woord "emeritus" word hier nie gebruik nie. Dit kom uit die 18de eeu, en beteken 'n militêr wat sy tyd uitgedien het, wat wel nog kan dien, maar hoef nie meer te dien nie. So word ook 'n dienaar van die diens ontslaan, maar dit is hom nie verbied nie. Die onderkeid tussen art. 13 en 14 is, dat art. 13 sien op dienaars wat waarskynlik nooit meer sal kan dien nie, terwyl art. 14 sien op dienaars wat later waarskynlik weer sal kan dien.

"Eer en naam" van 'n dienaar, sien nie daarop dat hulle moet versorg word, (dit kom later), maar dat hulle die werk nog mag verrig. So is die uitdrukking dan ook in die kerke opgevat. Daarom het die emiriti sitting in die kerkraad en die klassis waar hulle gewoon het. Die band van die roeping het gebly. Het hulle egter verhuis, dan het hulle geen sitting in die nuwe kerkraad of klassis.

"Emeriteer" is daarom geen ontsetting uit die amp nie, maar 'n ontslag van bepaalde werksaamhede.

Die woord "kerke" soos in sommige uitgawes van die K.O. is geen meervoud, maar die tweede naamval., enkv., soos blyk uit die Franse en Latynse vertalings. Oor die woord as 'n meervoud op te vat, kom 'n mens tot ongerf. praktjke, asof 'n predikant, predikant is van 'n kompleks van kerke. Die plaaslike kerk, waar die dienaar vir die laaste keer gedien het, moet dus vir sy onderhoud sorg. Wel het die ander kerke 'n morele plig om die plaaslike kerk met die onderhoud van die emeritus by te staan, maar dit is diers van liefde. Vroer het die owerheid daarvoor gesorg. Dit het toe telkens telkens voorgekom, dat die owerheid lievers 'n hulpprediker aanstel wat die swaar werk kon verrig. Die reg op die emeritastoelees vloei voort uit die roeping waardeur behoorlik onderhoud beloof word. (art. 14) Die versorging van die emiriti en hulle weduwees en wees is dus geen saak van barmhartigheid nie, maar van reg van die betrokke persone en plig van die betrokke kerkraade.

Wat die manier van versorging betref, bepaal die K.O., dat hulle "eerlik in hulle noodtoestand" sal versorg word. Die versorging kan dus nie by almal gelyk wees nie. Daar is verskillende faktore wat die versorging sal bepaal, soos b.v. die groete van die gesin, die traktement wat vroeër ontvang is, ens.

ARTIEK 14.

So onse dienaar om die voorgeskrewe, of enige ander oorsaak hulle diens vir 'n tydperk moet onderlaet, wat nie sonder advies van die kerkraad sal geskied nie, sal hulle nogtans ten alle tye aan die beroeping van die gemeente onderworpe wees en bly.

Die toepassing van art. 14 het plaasgevind in tye van vervolging, as die kerk die dienaar nie meer kan onderhou nie, en ook later as 'n dienaar hoogleeraar geword het. Die laaste uitdrukking beteken dat die gemeente, wie sy diens met die bewilliging van die kerkraad onderlaet, hom ten alle tye kan terug roep.

Art. 14 spreek dus van tydelike ontslag uit die diens. Oorspronklik is die art. gemaak met die oog op predikante wat 'n Kruis gemeente bedien het. As die gevaar te groot geword het, of die gemeente deur vervolging uit mekaar gedry? is, moes hulle vanself vir 'n tyd die diens onderlaet, sodat hulle geen gemeente had om te bedien nie. Slike gebrek of ongeluk kon ook wel die oorsaak wees dat 'n predikant vir 'n tyd die diens moes onderlaet. Maar in alle gevalle van tydelike ontslag het hulle ten alle tye aan die beroeping van die gemeente onderworpe gebly. Wat is die karakter van die tydelike ontslag? Die eigenlijk 'n tydelike onderlating van die diens (Lat. Functionem intermittere), waarby die amp telike betrekking bly geld. Dit kan by 'n van te vore bepaalde, maar ook vir 'n onbepaalde tyd geskied. Solank dit vasstaan dat die onderbreking vir 'n tyd is. En wanneer die rede vir die tydelike onderlating of onderbreking vervul is, dan hou die verlof vanself op, en moet die dienaar weer in die diens tree. Om watter oorsaak is iets moontlik? Die art. spreek van twee oorsake:-

- a) om die voorgeskrewe oorsake. Hierdie woorde skyn alleen op art. 13 terug te slaan, en dus op ouderdom, siekte, gebrek of ongeluk te dui. Hierdie oorsake val dan ook inderdaad daaronder, want by daardie voorgeskrewe volg daar in die realiteit eers tydelik en soms ook wel gedeeltelik ontslag. Blyk dit daarna, dat 'n dienaar nie ten dele, maar geheel onbekwaam is om sy dienswerk te verrig, dan volg in die realiteit algehele emeritering. Volgens die oorspronklike redaksie (Dordt 1578, Art. 7) het die uitdrukking "voorgeskrewe oorsake" teruggegaan op die voorgaande woorde,—"dat hulle geen gemeente had om te dien nie". Dit het dus geding op predikante, wat 'n tydperk buite diens raak omdat hulle moes vlyg in die gevaar, of omdat hulle gemeente verstrooi was.
- b) om enige ander oorsaak, b.v. om aan 'n bybelvertaling te kan deelneem, soos die tydelike ontslag in 1527 van Gerson Bucerus, wat geroep was om aan die statevertaling mee te werk, of om studie te voltooi, of om 'n buitelandse reis te onderneem, of om as direkteur van 'n Geref. Jongelings bond op te tree, of om 'n sittingsperiode as lid van die Volksraad of die Senaat by te woon.

Die vraag is, of die traktement deur loop of nie? Die kerk sal dit in oorleg met die dienaar in elk geval self moet bepaal, en dan hang dit nog af van die oorsake waarvoor tydelike onderlating van die diens aangevra word.

Die beslissing hiervoor berus by die kerkraad. Sonder advies van die kerkraad sal dit nie geskied nie. Die "woord" advies het hier die betekenis van judicious of *foolcous*. Die dienaar wat ontslag aanvra, moet die redes daarvoor opgee, die kerkraad moet dit beoordeel. By verskil kan die hulp van 'n nabuigse kerk of desnoods die oordeel van die klassis gevra word. Die beslissing rus dus by die dienaar en die kerkraad beide, en in geval van verskil by die meerdere vergadering.

ARTIKEL 15.

Dit sal niemand geoorloof wees, as hy die diens van die kerk onderlaet of in gear vaste diens is nie, om hier en daar te gaan preek, buite konsekt en outoriteit van die Sinode of klassis. Het so mag ook niemand in 'n ander kerk enige predikantie doen nie, of sakramente bedien, sonder bevestiging van die kerkraad van daardie kerk.

Die beginsel wat hier uitgespreek is, is dat elke dienaar 'n roeping moet hevan 'n bepaalde kerk, en aan daardie kerk verbonde moet bly. Hy is nie verbonde aan 'n sekere geheel van kerke nie. Dit kollegiaal. Die Sinode van Babel, art. I het reeds op hierdie beginsel gegee teoroer die verelope menneke e.a., wat hier en daar en sovele gespreek het. Daar hierdie mense in die orde verstaan, en die kettery in die hand gewerk. Vgl. ook Dordt. 1578, art. 7, waar gese word, dat die amp van die apostel en evangelis, waarop die doperse hulself beroep het, buitengewoon was. Die ook sinode 1581, art. 7, en 1586, art. 13. 'n Plaaslike kerk kan egter ook 'n roeping he buite die kring, b. b.v. & 'n plek naar verstrooide gelowiges woon. In hierdie geval geval, wys die meerdere vergadering 'n plaaslike kerk aan tot versorging van sulke verstrooies. Wil 'n dienaar arbeid waar daar nog geen kerkformasie is nie, dan moet dit geskied met konsent van die kerkraad en klassis. Wil 'n dienaar op tree in 'n plek waar 'n kerk is, dan moet hy toestemming van die kerkraad van daardie kerk he. Dit is die bedoeling van die art., omdat die bediening van Woord en sakramentehang aan die bewilling van die kerkraad van daardie kerk waar die bediening plaasvind. Natuurlik moet so iemand ook toestemming he van sy eie kerkraad, maar dit rak 'n ander kategorie, n.l. die skade aan die eie gemeente. Verder blyk uit hierdie art. dat die kerkraad moet sorg vir die diens van Woord en sakramente. Klement 13, dat die dienaar daarvoor moet sorg. Dit is egter nie nodig om telkens 'n kerkraads vergadering daarvoor te hou nie. Die toestemming word ook stilswyend gegee, tensy daarvan misbruik gemaak word.

ARTIKEL 16.

Die amp van die dienaar is, om die gebede en die bediening van die Woord te hou, die sakramente uit te reik, op hu hulle medebroeders, onderlinge en diakens, sowel as die gemeente goeie ag te neem en ten laaste met die onderlinge die kerklike disipline te oefen, en te sorg dat alles eerlik en met orde geskied.

Die woord "amp" was outydz dieselfde as die woord "ambag". Dit is gebruik vir alle moontlike werkkringe, maar allengs vir alle kerklike en regterlike bediening en die Klement het geval op die eerste lettergreep. -Ambe, ambet, amp. Teenswoordig word "ambag" gebruik vir die laere bedrywe, en amp vir die hoëre. "Amp" beteken nie die mantekaplike posisie wat iemand beklee ten gevolge van 'n offisiële benoeming nie. Dit is nou die betrekking of werkkring self. Die woord "amp" in die K.O. is dus nie die gees of die waardigheid waar die verrigting van daardie taak. In die 16de eeu is hierdie punte by die beroeping gestipuleer. In ons bevestigings Formulier kom nog vier punte voor. Die stipulasies word in die K.O. gegee vir die nalatigheid. "Eerlik" beteken "betamlik" of "eersaam".

Kategisasies, kranke- of huisbesoek word nie genoem nie. Maar hulle is besorg in die reeds genoemde dinge. Kategisasie is

Katechesasie is die bediening van die Woord aan kinders. Kranke- en huisbesoek is die bediening van die Woord aan die kranke en by die huise. Ook huwelike bevestiging is die bediening van die Woord aan op 'n bepaalde geleentheid. Die vraag is verder of helpers kan gebruik word? Die Sinode van 1574 het gese; dat die hulp van ouderlinge en diakens moet ingereep word. In groot stede kan dit egter nie altyd geskied nie. Daar is dus krankebesoekers en katechiseermeesters gebruik. Solank as hulle as behulpeels beskou word, is dit geoorloof. Vgl. art. 2.

ARTIEKEL 17.

Onder die dienaars van die Woord sal gelykheid gehou word, aangaande die laste van hulle diens, sowel as in die ander dinge, soveel moontlik, volgens die oordeel van die kerkraad, en indien nodig, van die klassis, iets wat ook in die ouderlinge en diakens onderhou moet word.

Die beginsel van gelykheid in dienste word hier neergele, en dit rus op die grondbeginsels van die K.O., dat daar geen keerk oor 'n ander kerk, en geen dienaar oor 'n ander dienaar sal heerskappy voer nie. Vgl. art. 84. D.K.O. Hierdie beginsel moet gehandhaaf word teenoor Rome, die Lutherse en die Episkopale en Sinodale hiërargie. Onder die "ander dinge" kan b.v. gedink word aan die traktement. Dit hoef nie in alle kerke gelyk te wies nie, maar wel in dieselfde kerk soveel as moontlik. Die kerkraad moet oor hierdie saak oordeel. By verskil oordeel die klassis. Die art. veroordeel egter nie alle splitsing, b.v. emeritering van 'n deel van die werk.

ARTIEKEL 18.

Die amp van die doktore of professore in die teologie is, om die Heilige Skrif uit te le, en die suiwer leer teen die kettery en dolinge voor te staan.

Die naam "dokter" was oorspronklik geen tiel nie, maar 'n werksaamheid, dikwels tydelik en op alle geleenthede uitgeoefen. Dit het verander met die opkoms van die universiteite. 'n Dokter was iemand wat die licentia docendi gehad het, en 'n professor was iemand wat geroepe was, om daardie bevoegdheid uit te oefen, wat aan hom gegee was deur die licentia.

Calvyn spreek van hierdie vierde diens in sy "Ordonnans ecclésiastiques", en in sy Institusie van 1543 en later. Vgl. ook sy kommentare op Ef. 4. II; Rom. 12. 7; I Kor. 12. Op grond van Ef. 4. II, beweer hy dat die herders in algemeen besit die amp om te onderwys, terwyl die leerars, d.i. die doktore, besonderlik geroepe is om die H.S. uit te le. Die doktore moet die opleiding tot die diens van die Woord behartig, en as geheel die kerke onderwys uit Gods Woord, en die kettery bestry. Die doktore is dus nie geroepe om die kerke te regeer nie. Of sakramente te bedien of die tug uit te oefen. Sedert 1537 het Calvyn die Bybel uit gele, op versoek van die kerk, en hom beoem tot professor in die kerk te Geneve. Hoewel hy hierdie amp opgevat het as 'n kerklike amp, praat hy tog nie van 'n benoeming van hierdie doktore deur die kerk nie. Die Konvent te Bazel, 1568, het ook hierdie vierde amp, en ses-

- a) dat die doktore behoort by die plaaslike kerk, en staan onder die jurisdiksie van die kerkraad en klassis.
- b) dat hulle die kerk nie mag verlaat nie, sonder die voorkennis van die klassis nie.
- c) dat hulle sitting het in die kerkraad as daar verskil kom oor leer of seremonie.

Die sinodes van 1571, 1574, 1578, swyg. Wel sreek 1578 in art 52 oor professore in die teologie, maar hulle het gearbei aan die Leidse universiteit en is aangestel deur die owerheid. Die kerke het hulle egter gebruik as professore van die kerk, en aan hulle stem en sitting in die klanis en sinode gegee as die te Leiden gesit het. Bowendien is in art. 4 bepaal dat diegene wat te Leiden hulle opleiding ontvang het, nie meer in die leer hoef ondersoek word nie.

In 1581 is te Middelburg die diens van die doktore in art. 2, weer ingelas. Die vertrene in die Universiteit was geskok, omdat die owerheid van Leiden teen die kerk op getree het. Later het dit onder Arminius erger geword. Naas die Akademie stede, was daar ook talle stede met illustre skole of Athenaeum bowendien 'n aantal professore in die groot stede. Uit die predikante van die kerk is gekies, en tot professore benoem persone wat in een of ander punt uitgeblink het. Professoraat is soms ook aangebied aan 'n geagte predikant wat 'n beroep na elders afgeslaan het. Die benoeming het uitgegaan van die plaaslike owerheid, al of nie in oorleg met die kerk. Die professore het onderwys gegee as daar leerlinge was, en het geskrifte gepubliseer. In 1588 is die doktorsamp weer verenig met die van professore. Na aanleiding van 'n gravamen van Suid-Holland is deur die Dordtee sinode van 1619 'n ondertekeninge formulier vir die professore opgestel. Dit is egter alleen in Groningen ingevoer. Die Postacta deur H.H. Kuyper.

Die ooreenkoms met die universiteit was omdat die kerke van die universiteit gevra het onderworpenheid aan die provinsiale sinode. Die state en die kuratore wou dit nie toestaan. Wel onderworpenheid aan die Generale sinode, want deur die staat was besluit om sodanige sinode nie weer by mekaar te roep nie. Die toestand het dus gebly, dat die professoras amptenare was van die owerheid. Vandaar dat die kerke die preparatoir en peremptoir eksamen aan sigself getrek het. Voetius ag dat dit uit die H.S. nie blyk dat daar vier soorte van dienste was nie. Polit. Ec. III pp. 479, vv. Die keuse van die professore in die teologie moes die reg wees van diegene wat die skool beheers, maar nie sonder toestemming van die kerk nie.

Art. 30 van die Konfessie sreek alleen van drie ampte. Daar is in die konfessie egter alleen sprake van die rgering van die kerk, sodat die art. nie in stryd is met die K.O. Marenius beweer dat die doktore in die konfessie onder die dienare van die Woord begrepe is. Uit Ef. 4.II, moet ons opmaak dat onder herders en leeraars dieselfde persone bedoel is. Die art. word voor leeraars nie herhaal nie. In I Kor. 12. 28, word die herders nie genoem naas die leeraars nie. In Rom. 12. 7 & 8, waar die didaskalia onderskei word, van die pareklesie, word nie van ampte, maar van gharismata gesreek. In die apostoliese tyd is die doktorsamp met pastoraal verenig. Wanneer daar dus sprake is van doktorsamp, dan kan dit nie bedoel wees in die sin van die woord nie. Prof. Bouwman trek die volgende konklusies:

- a) dat die doktorsamp by die ou Gereform. beskou is as 'n kerklike amp.
- b) dat hierdie amp deur die G.ref, nie finaal gereel is nie, maar dat die doktore allengs vereenselwig word met die professore in die teologie aan die akademies.
- c) dat die amp van 'n dokter nie 'n amp is in die gewone sin soos die van herder en leeraar.
- d) dat die kerklike doktorsamp voortvloed uit die roeping van die kerk om Gods Woord te ondersoek en ten doel het die opleiding van die aanstaande dienaars van die Woord.

ARTIKEL 19.

Die gemeentes sal vir soveel nodig, arbeid dat daar studente in die teologie is, wat deur haar onderhou word. (Dordtse redaksie.— die ex bonis publicis onderhouden worden.).

Daar moet dienaars van die Woord wees. Daarom moet die gemeentes sorg vir studente. Reeds in 1571, Embden, is die noodsaaklikheid uitgespreek. Die studente bly dan aan die gemeentes verbonde, wat hulle laat studeer, art. 37. In 1574 en 1578, was daar weer behoefte, en wou die gemeentes by die owerheid aandrang om steun. In 1581 is selfs bepaal in art. 14, dat daar studente sou wees, wat uit publieke goedere onderhou sou word. Die Owerheid, het n.l. sedert die Reformasie al die kerklike goedere in haar besit. Daar was 'n voorstel selfs om die owerheid te versoek om 'n kollege of hospitaal te open by die hoge Skool te Leiden. Vgl. Part. Vragen 42. In 1592 is aan hierdie wens voldoen. Die betw egter weinig te se oor die hospitaal. Die Staat het die beurs gehad. Aan die bedoeling van die K.O. is dus nie voldoen nie. Die kerke kon die publieke goedere nie onder beheer kry nie. Tyd Tydens die Franse Rewolusie, het die Staat hierdie goedere vir sigself geneem. "Ex bonis publicis" sou tens beteken, uit die "Staatskas". Vandaar dat hierdie uitdrukking uit die gerevideerde K.O. gewysig is.

ARTIKEL 20.

In die Kerke, waar daar persone is, wat volgens art. 8 bekwaam geoordeel is, om tot die diens van die Woord voorberei te word, sal tot hulle oefening, die gebruik van die proposities ingestel word. (Dordtse Redaksie.— In de Kercken daer meer bequame Predicanten zyn, sal men 't gebruyck der propositien aanstellen, om door zulke oefeningen eenige tot den dienst des Woords te bereyden, volghende in dezen de ordre daer van dezen Sinode specialyk daer gestelt.

Eers was die plan om die profesie teg gebruik, ook as middel om dienaars van die Woord te vorm. So het dit gebeur onder a Lasco in London. Wesel het daardie gedagte oorgeneem. Die profesie wou egter nie in Holland bloei nie, maar die "propositie" het gebly. Daar was twee soort van proponente, n.l. gestudeerde en ongestudeerde. Die ongestudeerde was "handwerckkluyden" en "Schoolmeesters", wat predikant wou word, en by die een of ander kerkraad aansoek gedoen het, om geoeft te word. Die gestudeerde proponente, was persone wat na volbragte akademiese studie sigself nog 'n lang tyd geoeft het voordat hulle die kerklike eksamen gedoen het. In 1574 is die toelating tot die proposities enigermate beperk, art. 21. In 1578 is bepaal, dat alle vlyt moet aangewend word tot opleiding van studente, wat hetsy deur die owerheid, hetsy deur partikulier onderhou word. Ook die oefening deur proponeer is gehandhaaf geword. Art. 47 - 49. In 1581 is in die K.O. opgeneem ons art. 19 en 20 (vgl. daar art. 14). Die Sinode wou teenoor die Leidse universiteit die reg van opleiding handhaaf. In 1586, (art. 18), is die twee art. gedeel, en die proposities blykbaar beperk tot diegene wat reeds deur die Universiteit of Klassis geëksamineer is. Hulle mag publiek proponeer. Diegene wat geen eksamen gedoen het, mag alleen voor die kerkraad proponeer. Hierdie voorwaardes is in 1619 weggelaat. Die Sinode van 1619 spreek van 'n spesieli orde, wat ewesal neren te vind is nie, tensy daar gedoe word op art. 8. Deur die instelling van die proposities, is die woord "proponent" in die kerklike lewe geëyk geword. In al die provinsies, uitgesonder Friesland, was 'n proponent dus iemand wat toestemming had om te proponeer, maar hy was nie toegelaat tot die diens van die Woord en Sakramente nie.

In Friesland was dit wel die geval. Die Rooms en Kollegialisties. In Zeeland sag 'n proponent nie optree in 'n vakante gemeente nie, of waar die predikant afwesig was, want sy hoofdoel was sy eie oefening. Daarna pas die stigting van die gemeente. Die dienaar moes kritiek uitbring. In die 18de eeu pas is deur die konsulent toestemming gegee, dat 'n proponent ook in vakante plekke kon optree. In Zeeland bowendien, moes 'n proponent kerkraads vergaderinge bywoon, om op hoogte te kom met kerkregering. Dit het geskied onder belofte van stilswe.

ARTIKEL 21.

Die kerkrade sal alom toesien, dat daar goeie skoolmeesters is, wat nie alleen die kinders leer lees, skrywe, spraakvrye kunste, maar hulle ook in die godsaligheid en die katechismus onderwys.

Hier word bepaaldelik gedoel op die laer onderwys. Reeds Wezel en Eabden het hulle daarmee bezig gehou, maar kon weinig doen weens die vervolging. Toe die vryheid egter in 1572 gekom het, is in 1574 die vraagstuk dadelik aan die orde gestel. art. 22. Daar moes op alle plekke skole wees, met betaling vir die onderwysers, benoem deur die magistraat of staat, en deur die owerheid gebind aan die Gereform. belydenis. In 1578, art. 47, is in dieselfde rigting voortgegaan. Algemeen is aangeneem dat die owerheid vir die skool moes sorg. Die onderwys moes nie alleen watskaplik, maar bepaald ook kristelik wees. Daarom het die kerke hulleself daarmee bemoei. Dit was noodsaaklik, omdat die here van dorpe hulle soms seer weinig met die onderwys bemoei het. Die Kerke moes inwerk op die palatige owerhede, sodat die geld daar sou kom, en ook die geskikte onderwyser. Ongekikte onderwysers, soos koetsiers, verloope matrose, ens. is nooit aan die kerke te wyte gewees nie. Ook te Middelburg 1581, is daar gravamina behandel insake art. 21. Hoër en laer onderwys is in dieselfde art. saamgevat. In No. 8 van die part. vrae is gehandel oor die eksaminasie van onderwysers, wat ook nodig was. Die saak is na die klasdis verwys, omdat daar geen generale owerheid was nie. Die provinsiale state het gestaan op hulle eie soewereiniteit, en in die provinsies had die stede weer die groot soewereiniteit. Waar dit kon, is die onderwys so gereel geword, dat op las van die owerheid die eksamen so geskied het, deur deur die klasdis, of deur die eksaminatore met behulp van die klasdis. Was iemand bekwaam om te reken, te lees of te skrywe, dan was hy in die reel nogal knap genoeg. Voorts is daar gravamina behandel oor onderwysers wat nie gereform. was nie. Roomse onderwysers is dikwels ondersteun, waar die owerheid Rooms was. Die saak is aan Lydius en Damius opgedra as 'n deontasie na Leiden, part. vrae, 39,2. In Holland had die kerke geen sukses. Die sinode van 1588 het 'n skoolorde opgestel as generale orde vir die Nederlande. Sy is aan Leicester aan gebied, en ook uitgevaardig, maar had geen gevolg, weens die vertrak van Leicester. Die stuk is belangrik, omdat daaruit blyk, hou die kerk die saak opgevat het. Kerklike Handboekie pp. 221, v.v. Teenwoordig is die Gereform. beskouing dat die skool aan die ouers behoort. Tog bly drierlei beginsel.-

- a. dat die kerk deur opwekking en steun, oorals vir die onderwys moet sorg dra.
- b. dat die onderwys godsdienstig moet wees,
- c. dat van die onderwys gebruik moet gemaak word.

Die vraag of die sensuur deur die kerk kan gebruik word by nalatigheid, moet ontkennend beantwoord word. In die meeste gevalle is nalatigheid die gevolg van onkunde en is onderwysing nodig.

ARTIKEL 22.

Die onderlinge sal deur die oordeel van die kerkraad en van die diakens verkies word, volgens die reeling wat daarvoor plaaslik in gebruik, of deur die kerkraad vasgestel was; en in hierdie reeling sal dit na die gellentheid van elke kerk vry wees of van te vore die gemeentelêde in staat te stel om op geskikte persone die aandag te vestig, en dit voorts vry sal wees om vir die verkiesing self soveel onderlinge as wat nodig is, aan die gemeente voor te stel, om van die gemeente (tenzy daar enige beletsel voorval) gesprokke en goedgekeur te word en metv openbare gebode en stipulasies bevestig te word, of 'n dubbel getal aan die gemeente voor te stel, om die halwe deel wat deur haar gekies is, op dieselfde manier in die diens te bevestig, volgens die formulier daarvan. (N.B. In die Dordtse redaksie het nie gestaan, volgens die regeling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is nie).

DIE AMP VAN DIE OUDERLINGE. Die instelling van hierdie amp is nie uitdruklik in die N.S. vermeld soos die van die diakens nie. Waaarskynlik moet dit hieruit verklaar word, dat die amp van onderling allens ontwikkel het en nie as iets nuuts ontstaan het soos die van die diakens nie. Ou mense was altyd min of meer van betekenis. Allens sal nie alleen ouderdom, maar ook benoeming nodig wees. Die Joodse raad het bestaan behalwe uit Owerpriesters en Skrifgeleerdes, ook uit onderlinge. Ook die sinagoge het onderlinge of oudstes gehad. Na die model van die sinagoge is die gebruik van die oudstes denklik ook in die kristelike kerk gekom. In Handl. II; 30, word die amp reeds genoem as bestaande. Voorts lees ons van 'n verkiesing in Handl. I4;25. In I Kor. I2; 28 word onder die gariasmata ook vermeld die van regering. Dat hierdie gawe ook aan 'n bepaalde persoon verbonde was, blyk uit Rom. I2; 6, waar van die "voorstander" gepraat word. Dit is die reguerder. Vgl. I Tim. 5; I7. Dat hierdie voorstander die onderling van die apostoliese gemeente was, blyk uit I Tim. 5; I7. Uit hierdie plek blyk tevens, dat daar twee soorte onderlinge was, die wat gearbei het in die Woord en die leer, en die wat die nie gedoen het nie. Vgl. Prof. du Toit; Het Amb der Ouderlingen en der Diakenen. Behalwe hierdie word daar in die bevestigings formulier ook nog ander gronde genoem vir die onderlingskap, -

- a. Matt. I8; I7, so dit aan die gemeente, n.l. diegene wat deur die gemeente daartoe gestel is,
- b. by die bystelling van die Leviete by die priesters,
- c. die wering van tiranie uit die kerk, wat ligtelik insluip, wanneer 'n oligargie regeer.
- d. die valerieel nuttigheid van die onderlinge.

Hierdie instelling van die onderlinge as 'n raad of presbiterium van die kerk, het egter spoedig verdwyn. In plaas daarvan het gekom die oorheersing van die episcopus. Na hulle waardigheid is die onderlinge vroeër "presbuterei" en na hulle werk "episcopoi" genoem. Deur Calvyn is die onderlingskap weer herstel. Die Roomsse kerk het wel die titel, maar verstaan daaronder 'n dienaar van die Woord. Die Lutherse en Engelse kerke het geen onderlinge nie, deels omdat die Roomsse vorm behoue gebly is, (die episkopaalse) en deels omdat daar op die voetspoor van Luther, die gewoone verbred was, dat die landowerheid ook owerheid van die kerk was. Ook Zwingli het in Zurich nie die onderling amp ingestel nie. Uit utiliteit het hy gemeen, dat die owerheid ook die kerk moet regeer. In die Gereform. kerk, was daar opposisie van die kant van die Anabaptiste, wat die volksoowerheid geleer het, en dus teen die regering van die onderlinge was.

Opsien het eers J. Morel, Prof te Parys, verwek.

Die Gereform. het beweer, dat die ouderlinge eensyds die gemeente verteenwoordig, wat egter nie opgevat is nie in die sin, asof hulle die lekelement, die volkswil, in die kerkraad representeer nie, want die Gereform. het andersyds ook galeer dat Christus, die Hoof en die Here van die Kerk, hierdie d'ensknagte geroep het om sy wil t.o.v. van die gemeente te volbring.

Wat Calvyn nie alleen die leer, maar ook die kerkregering gereformeer het, volg uit sy teologiese standpunt. By het nie voorop gestel die vraag; Hoe word die mens salig? maar wel, - Hoe word die wil van God uit gevoer? Die ouderlingskap is ewewel deur die Gereformeerdes nie gemaak tot 'n *Questio stantis vel cadentis ecclesiae*, hulle het verband gehou met die Episkopale, Lutherse en Zwingliaanse kerke te Zurich.

ARTIKEL 22. Art. 22 handel oor die roeping van die ouderlinge, wat bevat verkiesing approbasie en bevestiging. Van eksaminasie word nie gepraat nie. Tog is wel eens voorgestel om 'n eksaminasie te hou. Dit is moontlik. -

a. omdat nie baie gemeentelede sig sal onderwerp om kandidaatsouderling te word nie.

b. omdat die eise maklik te hoog gestel kan word.

'n Lidmatebyeenkoms, waarop ook punte van kerkregering kan besreek word is hier die beste.

Reeds Eubden het bepaal dat die verkiesing en approbasie van ouderlinge dieselfde moet wees as die vir die dienaars van die Woord. Art. 14. Alleen is nie nodig voorkennis van die klasais, omdat hulle arbeid plaaslik is. Van bevestiging is nog geen sprake omdat dit onder die vervolging al te baie die aandag op die ampdraers gevestig het. In 1574, art. 27, word die bevestiging genoem. Art. 28 het dieselfde bepaal as die van Eubden. Ook hier is vasgele die dubbeltaal waaruit die gemeente moes kies. In 1578 het die se gebly. In 1588 kom daarby. - volgens die formulier wat daarvan is. Hierdie formulier is dus tussen 1581 en 1588 opgestel. Wat die begin self van die verkiesing aangaan, vgl. art. 4. Die vraag of gesensureerde kan meesem, moet ontkennd beantwoord word.

'n Gesensureerde is tydelik buite die kommunie geplaas.

DIE APPROBASIE. Is nodig, omdat die hele gemeente nie op dieselfde persoon gestem het nie. Iemand het dus reg om besware in te bring. Die bekendstelling van die verkorens aan die gemeente is gee 'n formaliteit nie. 'n Mens is verplig om besware in te bring as daar is. Die besware moet egter nie kleinlik of minitious wees nie, want 'n volmaakte ouderling kry mens nooit nie. Vind die kerkraad die besware gegrond, dan moet die verkiesing ingetrek word, waarteen beroep op die klasais bestaan. Vind die kerkraad die besware ongegrond, kan die lidmaat hom op die klasais beroep. Is daar 'n baie gewigtige saak, dan moet die buitengewone klasaisvergadering byeen geroep word.

DIE BEVESTIGING. - Die Art. 4. Daar is gevra of daar by die ouderlinge geen handoplegging moet plaasvind nie. In verreweg die meeste Gereform. kerke het dit nie gebeur nie. By die eerste bevestiging van die dienaars is die handoplegging gehou, omdat die roeping 'n saak vir die lewe was. By ouderlinge en diakens is dit nie die geval nie, en dit is die rede waarom die handoplegging nagelaat is.

ARTIKEL 23. Die amp van ouderlinge, is behalwe wat be in art. 18 gese is, wat aan hulle gemeen is met die dienaars van die Woord, opsig te he, dat die dienaars, misgaderers hulle ander medehelpers hulle amp vertroulik bedien, en die besoeking doen nadat die

die geleentheid van tyd en plek tot stigting van die gemeente, so voor as na die nagmaal, kan lei, om besonder die lidmate van die gemeente te vertroos en te onderwys, en ook ander tot die kristelike religie te vermaan.

Die werk van die ouderlinge is dus vierderlei :-

- a. volgens art. 16 die tug uit te oefen en te sorg dat alles eerlik en met orde geskied.
- b. toesig te hou oor die dienaars, alsmode op hulle mede-ouderlinge en diakens;
- c. huisbezoek te doen;
- d. ander tot die kristelike religie te vermaan.

a. OPSIG OOR DIE MEDEARBEIDERS.-

dit moet geskied om die suiwerheid van die leer, om heersug tee te gaan, en om mekaar tot ywer aan te spoor. Onder siding van Calvyn is te Genève bepaal, dat die dienaars elke week eenmaal sal vergader tot Skrifstudie en ouderlinge tug. In London is hierdie tug aan die presbiterium opgedra, wat elke drie maande vergader het. Die Voorsitter moes eers die vergadering verlaat, en in sy afwesigheid is oor sy leer en lewe navraag gedoen. So is ook met alkeen van die lede gehandel. Hiervan is die trem "censura morum" afkomstig. Vgl. art. 81. Hiermee staan in verband die toetsing van die hand na die predikasie, as 'n betruging van instemming.

b. DIE HUISBEZOEK. -

In art. 16 word hiervan geswyg. Hier word dit uitdruklik vermeld as behorende tot die taak van die ouderlinge. Vgl. verder Biesterveld: Het Huisbezoek. Ook die bywoning van die katechesie hoort tot die werk van die ouderlinge. Dit is 'n deel van die sorg vir die kinders van die gemeente.

Gevra is; of 'n ouderling ook moet voorgaan in die uitlegging van Gods Woord?

Antw. - Volgens die formulier van bevestiging hoort dit nie tot sy taak nie. Dit is die werk van die lerende ouderling of Predikant.

Vraag.- Moet die ouderling by die afwesigheid van die Denaar nie intree nie. Nee op geen gebied subintreer die een diens vir die ander nie. Hoewel in die ou K.O. nerens voorgeskrywe nie, is dit vanouds gebruik, dat by afwesigheid van die dienaar daar 'n predikasie voorgelees word. Hierdie voorleser tree egter nie op, qualiteit, maar uit krag van sy opdrag. Hy behoeft nie noodsaaklik 'n ouderling te wees nie. Ets is alleen dat hy goed kan lees. Natuurlik moet, wat gelees word, deur die kerkraad goedgekeur word. Die kerkraad is verantwoordelik vir die leesdiens.

Vraag.- Of die bekeer van die finansies by die ouderlinge toehoort?

Antw. Ja, want hulle moet sorg dat alles eerlik en met orde geskied. Dit is 'n stuk van die regering van die gemeente. Wezel wou dit aan 'n kommissie opdra, en Dordtrechecht, 1693, praat van 'n kommissie van Administrasie, wat egter om botsing te voorkom, heeltemal afhanglik van die kerkraad is. Ka Wezel lees mens niks meer van daardie kommissie nie. Beter is dit dat die kerkraad die finansies bestuur, indien moontlik.

I.v.m. die finansiële beheer moet hierdie reël vasstaan, dat 'n mens nie moet afgaan op goeie vertroue nie. Die wêreld spoedig wantroue.

Vraag.- Moet die ouderlinge bezoldig word?

Antw. - Dit mag gebeur. Daar is geen Skrifwoord wat dit verbied nie. Miskien gebied I Tim. 5;17, 18 dit.

Daneus het egter daarteen besware ingebring in sy praeadvies aan die sinode van 1581. Dit het geskied omdat hy daarvoor was, dat die ouderlinge geseel sal aftree. Vgl. Kerklike Handboek.-pag. 316. Wat moet gedoen word as daar geen ouderling in die gemeente kan geving word nie?

Antw.- Dan moet die klassis vir die regering sorg. Dit sal egter slegs baie seldsaam die geval wees en alleen in kleiner gemeentes. Die aansie om die ouderlingskap by beurte aan die hele gemeente te laat waarnem, verdien geen aanbeveling. Die argument, dat elke lidmaat daardoor kennis kry van die kerkregering, gaan nie op nie. Daardie kennis moet juis eers aanwesig wees, voordat 'n man in die diens kan gestel word.

ARTIKEL 24.

Dieselfde wat van die ouderlinge gesê is, sal mens ook onderhou in die verkiesing approbasie en bevestiging van die diakens.

Hierdie art. is reeds behandel onder art. 4 en 23. Dit is dus onnodig om te spreek oor die bevestiging approbasie, of verkiesing van die diakens.

ARTIKEL 25.

Die die amp van die diakens is, om die aalmoese en ander armegoedere naastiglik te versamel, en die getroulik en vlytiglik, na die eis van die behoeftes, beide van die ingesetenes en die vreendes, met gemeen advies uit te deel, die benoeudes te besoek en te vertroos., en goed toe te sien dat die aalmoese nie misbruik word nie; waarvan hulle rekening sal gee aan die kerkraad, en ook (as iemand daarby wil wees) aan die gemeente, op die tyd wanneer die kerkraad dit goedvind.

Vgl. oor hierdie art. - Biesterveld; Het Diaconaat, asook Prof. Bouwman.- Het Diaconaat.

Diakens is daar alleen feitlik in die Gereform. kerk. In die Roomse kerk is die diaken iemand wat belas is met die bediening van Sakramente en die kerkregering. In die Lutherse kerk is hy 'n soort hulpprediker. Van Roomse kant word aangevoer, dat die diakens van Handl. 6 helpers is van die biskop, veral by die kommunie. Hulle beroep hulle daarop, dat Stefanus en Philippus gepreek het. Ons antwoord, dat Stefanus alleen getuigenis gegee het, en Philippus het gepreek as Evangelis, en wel quite Jerusalem. Vgl. Handl. 21. Die Roomse se verder, dat die diens van die tafels sien op die tafels van kommunie. Uit die verband blyk egter, dat die liefdesmaaltye of die agapae bedoel is. Die weduwees van die Griekse Jode het hulleself verongelyk geag by die weduwees van die Hebr. Jode in die daalike versorging.

Voorts is die naam "bediening van die tafels" dat ons moet dink aan die uitdeling van syys en drank aan die daalike agapai en die wegbring van daardie syys na die huise van die behoeftiges. Eindelik het ons ook die eemparige getuigenis van die oue kerk. In Rom. 12;8 spreek die apostel van die uitdeling in eenvoudigheid van die hart, en die doen van barmhartigheid in blymoedigheid. In I Kor. 12;28 deel hy op die amp as hy praat van die behulpsels. In Filip. 1;1 word die diakens naas die ouderlinge genoem.

So ook in I Tim. 3; wat 'n bewys is, dat die diakenskap uit die Jerusalemse gemeente na die heidense gemeente oorgegaan het. Hierdie amp word in art. 25 aldus omskrywe:-

- a. die versameling van aalmoese, na die beginsels van I Kor. 16;2. Reeds in die begin van die Reformasie is gevra hoe die insameling moes geskied, aan die end of in die middel van die diens. Dordt, 1574 (art 50), wou die orrelspel aan die end van die diens vervang deur die kollekte, wat 'n bewys is, dat daar gedurende die diens gekollekteer is. (Die orrelspel wat hier bedoel is, was nie om die gesang te begelei nie, maar af te wysel.). In die meeste Hollandse kerke - uit

In die meeste Hollandse kerke, uitgesonder Zeeland, vind die kollekte gedurende die diens plaas. Dit bring beter die idee op die voorgrond, dat die handreiking behoort tot die Sondagviering en d die diens. Die beswaar daarteen is, dat mens dan die hoorders stuur, en die rondgaande diakens van 'n groot deel van die diens beroof. Voorkeur verdien daarom die kollekte by die deur.

I.v.b. m. die diakonale amp moet daarop gewys word, dat die diaken eers moet aanklop by die familie betrekkings van die armes. Lev. 25; 49. - die wet van die Goel. I Tim. 5; 4. Daarna moet aangeklop word by die naaste omgewing.

Vraag. - Kan die diakens by wyse van hoofdelike aanslag die arme-goedere versorg? Nee, dit kan wel gedoen word met die geld wat nodig is vir die in stand houding van die openbare erediens, want dit is geen barmhartigheid nie, maar plig. § 'n Hoofdelike aanslag sou ook die kwaad in die hand werk, dat die arme uit 'n soort sociaal beginsel, versorging gaan eis.

- b. die uitdeling. In verband hiermee is die vraag gedoen, of die diaken ter uit deling ook gifte kan vra van persone wat nie tot die gemeente behoort nie? Nee, want die diakens is nie burgerlike amptenare wat moet sorg dat niemand van gebrek ontkom nie, . Die diaken verrig sy werk om Kristus wille en dit kan moedlik van Jode en heidene verwag word, dat hulle om Christus wille sal meehelp. Wil so 'n iemand egter uit die beweging iets gee dan kan die diaken dit aanvaar. Buitengewone omstandighede soos oorlog, pe, bly buite rekening, omdat dan groot verarming ontstaan. Subsidie van die staat kan die diakonie aanneem, as sy heeltemal onafhanklik kan bly.

Mag die diakens gifte aanneem wat verkry is van "fancy fairs", bazaar, loterye, ens.? Hierdie gifte moet geweier word, as dit in in stryd is met die gedagte van barmhartigheid. Daar moet gegee word sonder ophef. Bowendien is lotery op sig self sonde.

Vraag.- Mag 'n diaken geld aanneem wat langs oneerlike weg verkry is? Koelman se, dat hierdie gawes kan aan ge neem word, as die diakens rede het om te vermoed, dat die gawers beru het van hulle kwaad, en geneig is om restitutasie te doen, maar daartoe nie by magte is nie.

Die uitdeling met gawegedone, beteken dat die diaken nie op sig self alleen moet gaan uit deel nie. Daar moet samewerking wees, en die hele diakonie moet daarin geken word. 'n Klein speelruimte mag gelaat word in groot gemeentes by oombliklike gevalle van nood. Beide die ingesetenes en die vreemdes. Hierdie uitdrukking het oorspronklik gesien op die gelowiges. "die vreemdes" was die voortvragtige geloofsbroeders wat deur die vlugteling gemeenskap moes gehelp word. Om misbruik te voorkom, het die sinode van Emden, 1571, bepaal dat die onkomendes 'n attestasie moes vertoon van leer en lewe. Daarop het voorts reeds aantekening gestaan van die hulp wat reeds ontvang is. Art. 44. Hierdie redaksie het in die 16de eeu gebly, omdat die diakoniese toe 'n soort burgerlike amp beklee het. Aan hulle is opgedra die administrasie van die armegoedere, en mits hulle alle arme versorg. Daar was geen burgerlike ampsbestuur en na die geloof is nie gevra nie.

vraag.- Moet iemand ondersteun word, wat onder kerklike sensuur is? Antw. Voetius se Ja, met beroep op Gal. 6; 10. Die tug is geestelik, en daarty mag nie nog 'n stofflike tugmiddel bygevoeg word nie.

Egter mag daar ondersteund gemaak word. Aan 'n drinker, b.v. mag daar geen geld gegee word nie. Hierby moet gevra word of die diakens nie 'n bepaling sal maak, om ag te gee of die ondersteunde ook leef na die Woord van God nie. Hierop moet geantwoord word.- nee, alleen in 'n gesonde kerk kan dit voorkom. Die Gerefn. kerk ag dat al haar lede lewe na die Woord van God.

Vraag.- Hoe moet die versorging wees van diegene wat nog iets best, b.v. weeskinders wat 'n erfenis ontvang? Aan te raad is, om sulke gelde deeglik te bele, en te bepaal dat die rente sal vloei in die kas van die diakonie vir die koste van die versorging.

Wat die voorskotte aan betref, kan die diakonie op daardie manier in sommige gevalle armoede voorkom, en ook die nedigheid vir verdere hulp. Daar kan egter geen reel van gemaak word nie. Die Diakonie is geen voorskotbank of kridietvereniging nie.

Verder moet die diakens toesien op die misbruik, d.i. hulle moet toesien of die gawes aan hulle doel beantwoord. Eindelik moet hulle ook die begroetes spreek en vertoos. Hierdeur moet hulle nie in die werk van die opzieners tree nie. Bepaaldelik moet hulle woord die gawes vergesel. Die slot van die art. is dat hulle rekening sal doen voor die gemeente. Dit wil nie se dat die gemeente die rekening sal ondersoek nie. Dit doen die kerkraad. Die beste is om die boeke ter insage vir die gemeente te lê.

Te Wesel is op voorbeeld van Geneve besprek van twee soorte diakens. Die een soort is vir die finansiële en stoflike belange van die armes, en die ander soort vir die siekes, gewondes en gevangenes. Efst. 5;5;. Die laaste is die werk van die siekebesoekers en die krankverpleegers. In Geneve het hulle diens gedoen in die gashuis of hospitaal, en hulle het geen ander werk gehad nie. Dit het geskied in oorlog met die regering. Hierdie soort diakens is in die Hollandse kerke nie ingestel nie. Tydens die Republiek was daar geen uitbreiding van die diakonale amp weens die afhanklikheid van die regering. Teenwoordig word gevra of die diakonaat sig nie moet uitbrei nie, b.v. deur werkverwassing, krankzinnige verpleging, ens. Hier moet mens baie versigtig wees. Die kerk is nie geroep om sosiale kwessies op te los nie, en diakens moet goed toesien dat hulle hul amp nie uit oefen buite die kerklike vergadering om nie. Diakonale konferensies is nuttig, maar daar mag nie as konferensie buite die plaaslike kerk om gewerk word nie. Dan word die diakonale diens losgemaak van die gemeente. Bowendien kan sodanige konferensies geen bindende besluite neem nie. Naas kerkraad klassis en sinode is daar geen plaas nog vir 'n kerklike bestuursvergadering nie. Die diakens sit in die kerkraad, en by die meerdere vergaderings sou hulle kan teenwoordig wees, hoewel hier salde diakonale sake besprek word. Daar moet ook gewaak word, dat nie alle dienste van barmhartigheid kerklik word nie. In die eerste plek moet elkeen sy naaste help. Vir diegene wat geëb hulp kan kry by die naaste nie, kan daar hulp wees van gestigte, hoewel gestigte 'n noodsaaklike kwaad is, want God het die mens geskape om in die familiële kring te lewe. Hierdie gestigte moet van partikuliere uitgaan, wat hulle egter onder kerklike toesig kan stel. Encyclopedie, dl 3, pp. 552.- die organisasie laiek.

Vraag.- Moet daar nog diakonnesse wees? Die K.O. vermeld hulle nie. Wel die Konvent te Wesel 1588, Efak. 5;10. Te Middelburg is weer na hierdie amp gevra. Part. Vrae 2;16. Geantwoord is, dat die nie sal ingestel word om "verscheydenen inconventionen wille". Die hoofbeswaar sou wel gewes het, dat vrouens dan oorals onvergeeseld moet gaan. Die sinode beveel aan, dat die diakens die hulp van die vroue sal inroep, wanneer nodig. Voetius besprek hierdie kwessie in sy Politica Ecclesiastica, deel 3. Hy noem dit geen kerklike amp, maar rankakik dit ander die behulpsels van Rom. Inn Rom. 16; 1 word Phoebe 'n dienaar genoem (diakones). In I Tim. 5; 9,10, spreek Paulus van die weduwees, wat blykbaar tot gemeentelike diens geroep kan word. Hulle is geroep om te help met die armes en die verdruktes, en in sonderheid met die vrouens wat in die Griekse wereld afsonderlik geleef het. Diakonnesse was ook n nodig by die doop deur onderdompeling en by die wasing van die gelast by die salving. By kranke vroue is hulle vandag nog nodig. Oep I Tim. moet gelet word. Hulle moet gekies word deur die kerkraad.

Hulle moet ook hulpvaardig wees, (die voete van die heiliges gewas het), hulle moet ook die vrou van 'n man wees, d.w.s. hulle moes nie net meer as een man tegelyk geleef het nie. Hulle moet nie jonger wees as 60 jaar nie, omdat jongere vrouens gereep word tot huislike pligte, en ook om laster te voorkom. Wat Flieder later met sy diakonesse huis beoog het, was heeltemal iets anders. Vrouens is daer bepaald opgelei tot allerlei hulpbetoon en is gewas tot die diens van die armes. Vgl die Christlike Liebertatigheid en der Kampf der Christentums van G. Ulhorn.

ARTIKEL 26.

Die diakens sal op plekke waar huissittemeesters of ander aalmoeseniars is, van hulle begeer om goeie korrespondensie met hulle te wil hou, ten einde die aalmoese beter uit te deel onder diegene wat die meeste gebrek het.

"Huissittemeesters" vgl. van Dalen.— Manne wat opsig het oor die huld van huissittende armes.

'n "Huissitteshuis" is 'n oue manne of vroue tehuis.

Hier word die noodsaaklikheid genoem vir korrespondensie om misbruik te voorkom. Selfs al versorg die kerk haar arme, en al sorg die burgery by wyse van polisie-maatreels vir die overige, dan bly daar tog nog 'n terrein vir partikuliere verenigings. Hierdie korrespondensie, hoe gewens ook, kan die K.O. aan sulke verenigings nie ople nie. Wel aan die die diakonies en stigtinge wat hulle i.v.m. die kerk stel. Die vraag is verder, of die bewese hulp openbaar mag gemaak word. Of dit die kristelike kiesheid nie kwes nie. Hierop moet geantwoord word, dat die korrespondensie hier bedoel suiwer offisieel, en geen publikasie nie. Verder, dat hulp van die diakonie verkry, geen skande is nie. Trouens, by privaat hulpbetoon, in die daelike lewe, word ook onderhands gevra. Die beste is 'n soort van sentrale bure, waar alle informasie verskaf word. Kom so 'n Bure tot die diakonie vir inligtinge dan moet dit verskaf word. Ook die informasie wat die overheid van ons verlang, volgens die armewet, in S.A. die sensus, moet gegee word. Diakonie moet die burgerlike wet gehoorsaam, solank dit nie in stryd is met die Woord van God nie. Die overheid verlang ook nie gespesifiseerde verslag nie, omdat daar vrees kan wees vir publikasie.

ARTIKEL 27.

Die onderlinge en diakens sal na plaaslike reeling twee of meer jare dien, en elke jaar moet 'n eweredige getal aftree. Die aftredenes sal deur ander vervang word, tensy dardie geleentheid of profyt van enige kerk, by uitvoering van art. 22 & 23 'n herkiesing raadsaam maak.

(Dordtse redaksie.— De oudetellingen en diakonien sullen twee jaar dienen, en alle jaar sal de halve deel veranderen, en anderen in hun plaats gestelt worden, ten ware dat de gelegentheid en de profyt van enige kerken anders vereiste.).

Hierdie art. word reeds gevind by die sinode van Emden, 1571. art. 15. Vgl. ook Wesel, Hoofst. 5 par. 15. Die motief vir die aftreding was dat 'n mens vir sy eie beroep te veel te doen had. In die gemeentes onder die kruis, of waar daar besware was, is uitsondering gemaak. In die vlugtelingakerk te Londen onder a Lasco, was daar geen aftreding nie. Eweas te Groningen op bevel van die overheid. Op die sinode van Middelburg, 1581, is hieroor 'n vraag gedoen. Daarom is dit aan Dancus op gedra om te antwoord. Sie Handboekie pag. 810. Hy is ten gunste van stelselmatige aftreding, omdat:—

- a- daardie die heerskappy uit die gemeente geweer word,
- b- meer persone in die regering geoeft word.

Ook Rivetius, astenius en Voetius het hulle daarvoor verklaar, Voetius wil i.p.v. twee jaar, drie of vyf jaar aanstel na die vryheid of die genot van die kerk. In die tyd van die Republiek, is in verreweg die meeste kerke ooreenkomstig hierdie art. gehandel, n.l. tweejarige diensregeling, en dan aftreding sonder herkiesing. Die aftreding is egter nooit beskou as 'n prinsipiële punt waar alles aan hang nie, omdat die H.S. geen duidelike uitspraak bevat nie. Die H.S. skyn eerder aan nie aftreding te dink nie. Voetius haal skrywers aan wat wens, dat daar mense mag gevind word wat hulleself hulle hele lewenslang aan ampsheding wy. Die vraag is nog of die slot van die art. slaan op die hele art. Die nie duidelik nie. Die praktyk het egter gaan betoon, dat die slot op die hele art. slaan.

DIE HERBENOEMING VAN 'N BALE BEDENKING:-

- a- omdat die kerkregering dan tot 'n klein kring beperk word.
- b- omdat die ampdraers maar weer die amp aanvaar, al het hulle nie baie tyd nie. Dit is skadelik vir die diens.
- c- omdat nie- herbenoeming dikwels 'n krenking is.

Die Sinode van Dordt, 1573, art. 13, waar vir herbenoeming opeening gegee word.

Moet iemand wat herbenoem is, weer bevestig word? Hieron kan "ja" en "nee" geantw. word. Word 'n ampdraer gekontinueer in sy diens, dan is daar geen rede om hom te bevestig nie. Treë hy egter af, en word hy deur vrye kouse weer gekies, sodat daar 'n nuwe roeping kom, dan kan hy weer bevestig word. In ieder geval is die bevestiging geen wending nie., en kan desnoods geheel en al agterwee geslaan word.

ARTIKEL 28.

Net soos die amp van die Kristelike overheid is, om die heilige kerkedienste in alle maniere te bevorder, dit met hulle voorbeeld aan die onderdane te rekommandeer, en aan die predikante onderlinge en diakens in alle voorvallende nood die hand te bied, en by haar goeie oriënting te beskerm, net so is alle predikante onderlinge en diakens verskuldig om die ganse gemeente vlytiglik in te skerp, die gehoorsaamheid, liefde en eerbieding wat hulle aan die magistrate verskuldig is, en alle kerklike persone sal met goeie voorbeeld die gemeente hierin voorgaan, en deur behoorlike respekt en korrespondensie probeer om die guns van die overheid tot die kerk te trek en te behou, ten einde, alkeen sy die deel doende van weerskante, in die vrees van die Here, alle agterdog en wantroue onderhou word, tot welstand van die kerke.

Hierdie art. poeg om die verhouding van die kerk tot die staat te reel. Die afkomstig van 1619. Veral die eerste gedeelte klink sonderling in die K.O. Miskien is dit te Dordt gevoel, daarom staan dit daar by wyse van vergelyking. Op daardie manier kan mens alles in die K.O. aanbring. Die art. bedoel om 'n soort van ooreenkoms te wees. Daarom die poging om die amp van die overheid te beskrywe in betrekking tot die kerk. Op soen ooreenkoms was daar wel kans in 1619. Die politieke kommissies het daar hoop op gegee, mits die kerke toeskietlik was. Hieruit is nie alleen art. 28 maar ook alle konsekwensies aan die overheid te verklaar.

Die approbasie van die K.O. deur die Generale State het egter nie gevolg nie, daarom het die kerke ook gesê dat die konsensies vervul het. Hierdie art. is minder as art. 33 van die geloofsbelydenis. In die Konfessie is sprake van die religie in die algemeen, hier van die Gereform. religie.

Beide sreek dit uit dat die owerheid 'n roeping het t.o.v. die kerk, dat daar maar een kerk is, en dat al die ander geen kerke is nie.

T. o. v. hierdie beakouing, n.l. dat die owerheid die prediking van die Evangelie moet voorstaan, let ons van gevoels verander. Dit het uit die geskiedenis geblyk, dat soen voorstaan konsekwent moet uitloop op geloofstervolging. Ook vir die bevoorregte party is die begunstiging kwaad. Die owerheid gryp dan al daar in die regering van die kerk in, namate die koorde van sy beurs onthind.

Vgl. Kuyper; Tractaat van de Reformatie der kerken, par. 82. Senen generali geld die eerste stelling van die art. nog wal, maar met betrekking tot die Gereform. kerke spesiaal nie meer nie. Die veranderde atastelinstelling het die in die loop van tyd onommoontlik gemaak.

Wat die laaste betref is dit te algemeen gestel.